27 November 2026 www.kerkbode.co.za|facebook.com/kerkbode Deel 263 – Nommer 166

KERKBODE



"Deur my eie familie se 'suiwer, onverdunde hel' te dokumenteer, voer ek 'n profetiese daad uit," verduidelik ds Gerhard Pietersen, die skrywer van *Wond: Plaasmoord - dis my mense*. Foto: Le Roux Schoeman

Algemene Sinode Moderamen:

Skrywer getuig oor verwonding en genesing

LE ROUX SCHOEMAN

Ds Gerhard Pietersen buk af en vroetel in 'n plastieksak agter die podium waarvandaan hy sowat 60 kerkleiers vertel oor sy lewe ná die wrede moord in 2016 op sy skoonouers op hulle kleinhoewe. Dan hou dié dominee en skrywer twee wapens om die beurt omhoog. 'n Mes en 'n kapmes. Replikas van moordwapens.

Pietersen was onlangs een van vyf gassprekers by 'n emosioneel uitmergelende halfdagsessie tydens die laaste vergadering van die NG Kerk se Algemene Sinode Moderamen (ASM) in 'n land waar, gemiddeld bereken, tot 60 mense per dag vermoor word.

Prof Cas Wepener het gesê woede het waarde. Dit help ons om vrees te oorkom en dinge wat aandag moet kry wél aan te spreek, het dié dosent van Universiteit Stellenbosch aan die hand van Myisha Cherry se boek *The case for rage* verduidelik.

Dr Llewellyn MacMaster het gesê geweld is veel meer as 'n misdaadprobleem. "Dit is 'n menslike tragedie, 'n gemeenskapskrisis, 'n uitdaging aan die staat en 'n roepingsvraag vir die kerk," aldus dié voormalige VGK-leier verbonde aan die Cape Crime Coalition.

Dr Nadine Swanepoel het gesels oor die verskillende gesigte van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord. "Dit gebeur voor ons, tussen ons en met ons … Ek wens ek kan sê hoe naby dit is," het dié leraar van NG Gemeente Skuilkrans en navorser verbonde aan die Universiteit van Pretoria gesê.

Dr Lizette Lancaster het gesê staatskaping het regspleging verswak en vertroue in sleutelinstellings soos die SAPD verniel. Dié hoof van die Program vir Justisie en Geweldvoorkoming by die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) het onder meer tien kernpunte uitgelig oor plaasmoorde as "nie-rassige, holistiese" probleem.

Konkrete gebaar

Pietersen se praatjie was egter wat Roland Barthes die *punctum* sou noem – die punt wat die rede systap en sekuur op gevoelsvlak deurdring tot die kyker. Dit het 'n kerklike gesprek oor misdaad – die politiek daarvan, geskiedenis daarvan, wortels daarvan, dryfvere daarvan en ontelbare gesigte daarvan skielik byna skokkend konkreet gemaak. Vroeër in sy voorlegging het hy foto's van sy skoonouers se moordtoneel teen die muur projekteer. Maar nie eens dit het dieselfde impak op die gehoor gehad as 'n kapmes omhoog gehou in 'n smuklose siersteenlokaal nie.

Toe hy die dominees in die gehoor voor hom met verwysing na voorbeelde van onsensitiewe en grensoorskrydende *small talk* waaraan trauma-slagoffers dikwels binne geloofsgemeenskappe blootgestel word, gewaarsku het dat "teetyd in die kerk 'n gevaarlike plek is," het koppe begrypend geknik. Maar die misdaadtoneelfoto's, foto's van die beskuldigdes en die wys van wapens het die gesprek tot teen die lyf gebring. In 'n stadium het die voorsitter van die vergadering, ds Jan Lubbe, gevra dat elkeen wat al deur geweld geraak is, sal opstaan. Hierdie lyflikheid, asook die uitkringeffek van trauma, is van die sentrale temas in die boek wat Pietersen geskryf het, getiteld *Wond: Plaasmoord – dis my mense*. Pietersen stel dit so: "Mense vra vir my hoe kan jy nog die wonde van jou vyand verpleeg? Ons genees die wêreld deur eers by ons eie gewonde hart te begin," aldus Pietersen, wat deesdae die uitvoerende hoof (hoof- uitvoerende beampte) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is.

'Onverdunde hel'

Pietersen, wie se boek ook in Engels vertaal is, sluit aan by die teoloog Walter Brueggemann se insig dat die profetiese taak by rousmart (*grief*) begin. Slegs deur in die openbaar te rou en die pyn op die naam te noem kan 'n gemeenskap deur die ontkenning en onmenslikheid van 'n uitbuitende sisteem breek, meen Brueggemann. Oor die dood van sy vrou se ouers en die boek wat gevolg het oor die voorval en die lang, pynvolle nadraai rondom die vervolging van die misdadigers,y sê Pietersen: "Deur my eie familie se 'suiwer, onverdunde hel' te dokumenteer, voer ek die profetiese daad uit: om rou te gebruik om 'die gevoelloosheid te deurdring' en slagoffers toestemming te gee om te rou, dwing 'n erkenning af van 'n 'landskap van geweld' wat die samelewing verkies om te ignoreer."

> Vervolg op bl 4

Ons droom van ’n groener Kersfees, nie ’n wit Kersfees

FAY VAN EEDEN

Na raming verdubbel die vullis wat die wêreld genereer en weggooi tydens die Kerstyd. Hoofsaaklik as gevolg van meer plastiekverpakking en geskenkpapier. Volgens TheConversation.com gebruik die Britte jaarliks genoeg geskenkpapier om nege maal om die aarde te draai en 40 miljoen rolle plastiekkleefband. Die Kanadese gooi op hulle beurt 545 000 ton geskenkpapier en plastiekinkopiesakke oor die feestyd weg. Die wyse waarop baie van ons Kersfees vier, is nie vir die planeet volhoubaar nie. Hierdie jaar gaan ons gesin poog om die Kersseisoen op ’n meer ekologies sensitiewe wyse te geniet.



Hier is ’n paar aanpassings wat ons gaan maak.

Maak self geskenke

Of dit nou konfyt, piekels of beskuit is – daar is geen beter geskenk as ’n tuisgemaakte geskenk nie. Ek is mal daaroor om tuisgemaakte koekies of lekkers vir my geliefdes te maak. Nie net is dit goed vir die planeet nie, maar ook betekenisvoller as ’n geskenk wat baie male inderhaas gekoop is. Dit is ook baie male ’n goedkoper alternatief.

Vervang goed met ervarings

In plaas van daardie geskenk wat jy nie seker is of die persoon dit regtig gaan gebruik nie, koop vir die persoon ’n teaterkaartjie of geskenkbewys vir ’n slypskool. Of bederf daardie spesiale persoon met ’n intekening op ’n e-publikasie van hulle gunsteling-tydskrif of -koerant.

Maak ’n skenking

In stede van geld uitgee op geskenke, maak eerder namens ’n geliefde ’n skenking aan ’n liefdadigheidsorganisasie na aan hulle hart. Ek hou van die gedagte om namens iemand ’n pikkewyn of walvis simbolies aan te neem. Besoek gerus die WWF Suid-Afrika se webblad vir meer inligting.

Kwaliteit bo kwantiteit



Hierdie safari-Kersdiere word gemaak deur ’n groep vroue van die Welverdiend-omgewing, net buite die Krugerwildtuin. Elke dier word met die hand deur hierdie vroue gestik, met gebruik van vilt wat uit ’n mengsel van merinowol bestaan.

Indien jy wel kies om geskenke te koop, koop minder geskenke wat langer gaan hou. Veral wanneer jy vir kinders geskenke koop, vermy goedkoop plastiekspeelgoed wat vinnig gaan breek en weggegooi word. Oorweeg eerder speelgoed wat van hout of lap gemaak is. Kyk ook uit vir tweedehandse speelgoed.

Geskenkpapier en linte

Oorweeg om hierdie jaar die blink geskenkpapier, kleefband en plastieklinte, wat nie herwinbaar is nie, met groener alternatiewe te vervang. Geskenksakkies of materiaallint, wat opgevou en vir volgende jaar gebêre kan word, is wonderlike alternatiewe tot die hope papier wat elke jaar weggegooi word. Waarom probeer jy nie die kuns van Furoshiki hierdie Kersfees nie? Furoshiki is ’n tradisionele Japannese metode om geskenke in ’n mooi stuk lap toe te draai; dit dateer uit die 8ste eeu en is oorspronklik gebruik om waardevolle items te beskerm.

Indien jy graag jou geskenke in papier wil toedraai, oorweeg koerantpapier, bruinpapier sonder die plastieklagie, of papier wat maklik skeur – dit is gewoonlik herwinbaar.

Versierings en verpakking

Koop Kersversierings wat jare gaan hou of maak jou eie Kersversierings. Wanneer jou plastiese versierings vervang moet word oorweeg om hulle met plaaslike geproduseerde versierings van hout of lap te vervang. So sorg jy vir die planeet en ondersteun plaaslike besighede en entrepreneurs.

Sê ook nee vir oorbodige plastiekverpakking. Daar is verskeie aanlyn winkels wat nie hulle ware in onnodige plastiek verpak nie.

Kies vir ’n ander tipe Adventkalender

Ek en my dogtertjie is opgewonde oor 1 Desember, want dan word die Adventkalender uit die kas gehaal. Daar word gesê dat die oorsprong van Adventkalenders teruggevoer kan word na die 19de eeu, toe gesinne elke dag in Desember – tot en met Oukersaand – met ’n krytstreep op die vloer of ’n deur gemerk het. Dit het in 1851 gelei tot die skepping van die eerste handgemaakte, hout-Adventkalender. In die vroeë 1900’s het die eerste gedrukte kalenders met klein deurtjies gevolg.

Ongelukkig word hedendaagse Adventkalenders dikwels in plastiek toegedraai of van glansende karton gemaak wat nie hergebruik of herwin kan word nie; dit beteken dat dit ná die Kerstyd op ’n vullishoop beland. Gelukkig is daar omgewingsvriendelike opsies beskikbaar.

Ek is mal oor Envirokid se “Forest Friends”-Adventkalender. Hierdie pragtige kalender is digitaal gedruk op 100% natuurlike katoen, wat dit baie duursaam maak. Dit beteken dat dit jaar na jaar gebruik kan word. Ek hou veral daarvan dat jy self kan besluit



watter bederfies in jou kleintjies se kalender kom. Ek gaan ons kleinding se kalender hierdie jaar vul met haar gunsteling-lekkers, gedroogde vrugte, Kersversierings vir die boom en koeponne vir ’n fliekaand of gesinsuitstappie.

Ds Fay van Eeden is predikant van Stellastraat-gemeente en ’n ekoblogger.

Kerkverband: Ring van Standerton en Hoëveld Sinode soek saam pad vorentoe

Ná 'n op-die-nippertjie-gesprek by die vergadering van Hoëveld Sinode het kerkleiers op Dinsdag 27 Oktober te midde van diep teologiese verskille opnuut probeer om versoening met die Ring van Standerton te bewerkstellig.



Dr Tom Smith (regs) en ds Hannes Windell is deel van die uittredende leierspan van hierdie streeksinode.



Ds Evert Bergh het ook met afgevaardigdes gedeel hoe 'n teks uit die Bybelboek Obadja tot hom spreek in hierdie dae.

"Ek het 'n bietjie met vriende van my hier by die sinode om 'n tafel gesit en ons het gesels," het ds Evert Bergh tydens 'n bespreking van die Verslag van die Sinodale Regskommissie aan die so-wat 170 sinodegangers by Weesgerus buite Modimolle gesê.

Volgens hom het hulle mekaar met die vooraf-gesprek in die oë gekyk en "sommer uit die hart uit gepraat". Die uiteinde was 'n aangepaste sinodale besluit wat deur die afgevaardigdes goedgekeur is. Dit bepaal onder meer dat die Ring van Standerton die "omvang en tydsrame" moet vasstel van verdere ondersoek wat hulle moet uitvoer oor een van die gemeentes in die ring se besluit om "alle bande met die NG Kerk te verbreek," luidens 'n sinodale verslag. Bergh is die voorsitter van die Ring van Standerton en leraar by Bethal-Oos. Hy en ds Wihahn de Beer is tans die enigste voltydse leraars in die ring, aldus Bergh.

"Ek is nie helemal seker dat die sinode besef hoe besonder hierdie moment is nie," het ds Hannes Windell, die uittredende skriba van die sinode oor die poging tot versoening gesê. "Ek sou graag dat ons dankie sê vir die twee broers (die verteenwoordigers van die Ring van Standerton) wat hier is, maar ook vir Tom (Smith, die uittredende moderator van die sinode) en Jeannine Stoffberg, die voorsitter van die Sinodale Regskommissie."

Bergh was nugter ná jare se kerklike konflik: "'n Groot deel van hierdie amendament (die aanpassing op die aanbeveling deur die Sinodale Regskommissie) is 'n stuk vertroue wat ons eintlik in mekaar gestel het ten opsigte van die pad vorentoe en daar is eintlik geen waarborge nie. Dis baie oop. Maar ons het ten minste mekaar," meen Bergh.

Hy het aan die vergadering uitgespel wat die uitdaging vir hom en die skriba van dié "behoudende" ring is. "Dit is vir ons regtig baie moeilik in die sin dat die saak waaroor dit gaan nie 'n gewone saak is nie. Die rede hoekom Charl Cilliers Gemeente gedoen het wat hulle gedoen het, was omdat hulle by die belydenisskrifte en by die Woord staan op 'n baie spesifieke wyse en dat dit hulle belewenis was dat daar bepaalde besluite geneem is waarmee hulle nie kon saamgaan nie en dat dit hulle tot by die punt gebring het van uittrede (uit die kerkverband).

En dat ons eintlik dieselfde standpunt deel. Ons benader dit dalk nie dieselfde nie en ons glo ons wil graag binne die kerk bly en van binne die saak hanteer … in liefde soos wat dit hier op die sinode gebeur en waar daar vir ons ook 'n plek is."

Die onderliggende verdeeldheid, wat ook ander gemeentes en ringe raak, spruit uit die besluit van die Algemene Sinode in 2019 en 2023 rondom selfdegeslagverbintenisse. Afgevaardigdes by die Algemene Sinode het in 2023 bevestig dat "ons voortgesette nadenke, gesprek en besluitneming oor menslike seksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, ten diepste voortvloei uit ons belydenis oor die Skrif as Woord van God." Sommige beswaardes glo dat respek vir uiteenlopende Skrifbeskouings swaarder weeg as die Skrif self en dit is die bron van die druk op kerkverband.

"Die vrae rondom kerkverband het die grootste deel van die Dagbestuur se aandag gevra. Ons het deurgaans probeer om eerder te luister as om te veroordeel, en om die deur oop te hou," skryf dr Tom Smith in die Verslag van die Sinodale Dienskommissie (SDK) vir die termyn Oktober 2022 - Oktober 2026.

Dit gaan in die Ring van Standerton boonop nie net oor geloofsverskille nie, maar ook oor 'n kerkordelike warm patat. "Nadat NG Gemeente Charl Cilliers gedurende 2025 aangedui het dat die gemeente alle bande met die NG Kerk verbreek, het die Regskommissie die kerkordelike en gemeenregtelike implikasies daarvan ondersoek," luidens die verslag wat vandeesweek by die sinode gedien het. Dit word aangevoer dat daar ten tyde van die stemming 176 belydende lidmate op die gemeentelys was. Van hierdie lidmate het 160 ten gunste van die verbreking van alle bande met die NG Kerk gestem, een lidmaat het daarteen gestem en 15 lidmate het nie gestem nie, luidens die verslag.

Wat die Ring van Standerton nou verder sal moet ondersoek hou verband met die geldigheid en gevolge van die besluite wat geneem is; die formulering van die stembrief en die inligting wat vooraf aan lidmate beskikbaar gestel is; die individuele lidmaatskapstatus van die gemeentelede; die voortbestaan, samestelling en beheer van die oorspronklike gemeente as regspersoon; die eienaarskap, beheer en moontlike oordrag van die gemeente se roerende en onroerende bates; en die gebruik van die naam, administratiewe identiteit, bankrekeninge en ander registrasies van die oorspronklike NG gemeente, lees 'n mens in die verslag.

Die amendament wat vandeesweek goedgekeur is, gaan veral oor die tydlyn wat gekoppel is aan die verdere ondersoek, het ds Stoffberg gesê in haar hantering van die uurlange gesprek by die Hoëveld Sinodesitting. "Julle kan hoor dis groot werk. Die regskommissie se uitgangspunt is dat die proses by die ring begin." Stoffberg het later aan *Kerkbode* gesê: "Kerkverband bly vir ons belangrik. As die groot gebod van liefde nie in die kerkreg uitgeleef word nie, mis ons die punt. Ons het dit hier reggekry. Ons kies om die pad steeds saam te loop."

Bergh het ook met afgevaardigdes gedeel hoe die Bybelboek Obadja tot hom spreek in hierdie dae. "Ek sou ontrou wees aan die Here as ek nie dit wat Hy op my hart gelê het, oordra nie," het hy gesê en verskeie teksgedeeltes aangehaal, waaronder 'n vers wat lui: Jy moes nie op die ontsnaproetes gaan staan het om (sy) vlugtelinge uit te roei nie.

Bergh het afgesluit met die versoek aan afgevaardigdes … "Laat ons asseblief van Charl Cilliers (gemeente) nie 'n voorbeeld maak van kerkorde as stok nie, kom ons maak van Charl Cilliers 'n voorbeeld van hoe dit is om te wandel met die Here in geloof saam met mekaar."

> Vervolg van bl 1

In tafelgesprekke na die sessie is afgevaardigdes uitgenooi om saam na te dink oor wat hulle gehoor het. “Hoe staan ons op ’n publieke wyse in solidariteit by lidmate wat slagoffers is van geweld. Sonder dat ons ervaar word asof ’n Afrikaner se dood belangriker is,” het een laat hoor. ’n Ander sê weer: “As ons nie kan praat en sê plaasmoorde is ’n probleem wat aangespreek moet word in dieselfde mate as bendegeweld (op die Kaapse Vlakte) nie is ons bloot toondoof!”

Oop gesprek

Die geleentheid was ’n prentjie van ’n kerkvergadering op sy weerloosste. ’n Instelling wat nie vry is van die impuls om goed te lyk en seker te klink nie, maar wat tegelyk bely dat geloofsonderskeiding per definisie ’n oop proses moet wees eerder as om te sit en skaaf aan standpunte en persverklarings. “Die ASM is ’n ruimte vir gesamentlike geloofsonderskeiding, verantwoordelike leiding en die koördinering van die kerk se roeping,” skryf dr Nioma Venter in die inleiding tot die agenda wat die byeenkoms gerig het. “Mag ons gesprekke daarom gekenmerk word deur teologiese diepgang, eerlike gesprek, onderskeiding en ’n bereidheid om saam verantwoordelikheid te aanvaar.”

Tydens Oktober se ASM-vergadering was daar Skriflesing, sang, insette deur kundiges, tafelgesprekke, nagmaal en, soos die Protestantse werketiek bepaal, ’n magdom ander sake op die tafel vir 48 uur by die eMseni-oord en konferensiesentrum. Van 12 nm Woensdag tot 12 nm Vrydag.

Holistiese benadering

Die nuus is onder meer aan ASM-lede gebreek dat vier mense (een professor in Nuwe Testament en drie gemeentedominees van die NG Kerk) op ’n feitesending na die Midde-Ooste gestuur is en teruggekeer het met ’n verslag wat by die vergadering bekendgestel is. Die uitgawe om prof Marius Nel, en di Elmarie Dercksen, Anton Mieny en dr Christo Benade van 18-24 Oktober na Jordanië, Israel en Palestina as gaste van die Churches for Middle East Peace af te vaardig, is gedek deur die geld wat die NG Kerk vir slagoffers van geweld in Gasa geoormerk het, maar weens internasionale bankregulasies nie aan kerke in Israel / Palestina geskenk kon kry nie.

“Ons het met kerkleiers, rabbi’s, navorsers, burgerlike organisasies en ’n Amerikaanse militêre skakelbeampte gepraat. In Jordanië het ons met Prins El Hassan bin Talal ontmoet,” skryf die afvaardiging in hulle omvattende verslag.

Dit skop omsigtig af: “Ons het bewustelik ’n holistiese eerder as ’n sogenaamd gebalanseerde benadering gevolg, want waar daar ’n diep wanbalans van mag, grond en regte is, kan die voorstelling van twee gelyke kante onreg verdoesel. Ons vertrekpunt is verder dat elke mens na die beeld van God geskape is. Ons kan dus deernis hê met die vrees en trauma van Israeli’s en terselfdertyd die doodmaak van burgerlikes en die vernedering van Palestyne veroordeel.”

En dit eindig hoopvol: “Ons het mense ontmoet wat ondanks alles weier om vyande te wees. Die welsyn van Israel en dié van die Palestyne is onlosmaaklik met mekaar verweef. Die een se veiligheid kan nie op die ander se vernedering gebou word nie, en vrede wat net vir een groep bedoel is, is uiteindelik vir niemand vrede nie. Niemöller se waarskuwing teen stilswye as ander vervolg word, wat ons by Yad Vashem (Joodse menseslagtingmuseum) gesien het, herinner ons daaraan dat ons geloofwaardigheid vra dat ons almal se menswaardigheid verdedig, ook wanneer die bedreigde mense buite ons eie nabye gemeenskap staan. Ons bid vir die vrede van Jerusalem, en vir almal wat daar woon.”

Aborsie as breër gesprek

Mediese etiek is nog iets waaroor ASM-lede tydens die vergadering in ’n aandsessie moes besin. Voortvloeiend uit die groter opdrag deur die 2023 Algemene Sinodesitting aan die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake het ’n gespreksdokument oor reproduktiewe gesondheid deur dr Nina Müller van Velden en prof Nadia Marais by die afgelope vergadering aandag en bespreking geniet.

Die laaste deeglike verslag oor aborsie wat by ’n Algemene Sinode gedien het, was ’n 1982-studiestuk deur ’n man met die naam prof Danie du Toit. “Sedertdien het daar reuseskuiwe plaasgevind op elke denkbare front in terme van reproduktiewe gesondheid, plaaslik sowel as globaal,” merk die skrywers inleidend op.

“Na beraming vind daar tans wêreldwyd 25 miljoen onveilige aborsies plaas per jaar, waarvan ongeveer 39 000 gevalle lei tot sterfte, en miljoene gevalle van hospitalisering weens komplikasies na onveilige prosedures. Die meerderheid van sterftes kom voor in laer-inkomste lande, waarvan 60% in Afrika en 30% in Asië – en boonop dan ook binne die kontekste van die mees weerloses en armstes,” luidens die verslag. “Navorsing toon dat beperking van veilige aborsie-opsies nie ’n afname in aborsies toon nie; inteendeel, beperkinge dryf eerder vroue en meisies daartoe om onveilige prosedures te ondergaan.”

Die skrywers van die dokument is krities oor die wyse waarop die saak in die NG Kerk verskraal word deur die klem op aborsie in besonder te plaas ten koste van verwysing na reproduktiewe of seksuele gesondheid in geheel.

Die navorsing stoei daarteen om gesien te word as ’n netjiese, klinkklare “antwoord” of “standpunt”. “Hierdie dokument dien as getuienis van veelvuldige stemme uit verskillende teologiese velde, asook wyer; kundiges, sowel as grondvlakgesprekke; kerklike diskoerse, sowel as verder. Dit is interdissiplinêr en multidissiplinêr van aard, aangesien die saak van aborsie nie netjies in slegs een teologiese of sosiale konteks geplaas kan word nie,” verduidelik Müller van Velden en Marais.

Wanneer die skrywers vanuit die perspektiewe van die Ou en Nuwe Testament besin oor aborsie, is dit “vanuit die staanspoor nodig om te erken dat daar geen eksplisiete verbod op aborsie in die Bybel voorkom nie,” luidens die verslag. “Daar is ook geen eksplisiete goedkeuring van aborsie in die Bybel nie. Dit beteken nie dat die Bybel irrelevant is vir ons gesprekke oor aborsie nie – allermins. Dit is egter nie ’n tema wat met ’n bewysteks of twee tot stilswye gedwing kan word, of na een of die ander kant gedruk kan word nie.”

Nuus uit Karatara

Die vergadering het ook na spanning binne die kerkverband geyk. Die aantal gemeentes wat tans doleer (treur oor die 2023 Sinode se besluit ten gunste van selfdegeslagverbintenisse vir gay paartjies) of vir verskillende redes in regsaksies met kerkrade verwikkel is of daarop afstuur. “In drie gemeentes was/is daar die afgelope twee jaar litigasieprosesse onderweg,” luidens ’n verslag deur ds Lubbe as voorsitter van die dagbestuur van die ASM oor werksaamhede sedert die vorige vergadering in Februarie 2026. “In die saak van MX Coetzee en Karatara-gemeente, het die hof die hersieningsaansoek toegestaan en beslis dat ds Coetzee se bevoegdheid herstel moet word. Die sake van Bethulie en Tafelberg dien in November 2026 en Maart 2027 in die howe.” Die verslag verwys ook kortliks na die aantal gemeentes (sewe) wat “verband met die AS opgeskort” het. Vanuit Hoëveld Sinode is daar met groot dankbaarheid nuus gedeel van ’n versoeningspad wat die Ring van Standerton met dié streeksinode begin stap het.

Lidmaattal daal

Daarna het twee lede van die Taakspan Navorsing op grond van nuwe data daarop kom wys dat NG gemeentes toenemend kleiner word, wat lidmate betref. Sowat 42% van die sowat 1 000 gemeentes het minder as 300 lidmate en daar is drie maal die hoeveelheid gemeentes wat minder as 100 lidmate het teenoor die aantal wat in 2012 daardie boksie moes afmerk.

ASM-lede moes ook stem uit vier opsies vir waar volgende jaar se sitting van die Algemene Sinode sal plaasvind, ’n jaar na die SAAMkoms op Goudini bewys het dat ’n mooi omgewing voordele het wat die korporatiewe milieu van 2023 se venue (Birchwood Hotel) na ’n besliste buiteperd laat lyk het. Die gesprek duur voort en wag vir kosteskattings om die rondom 400 afgevaardigdes byeen te bring.

Begin net

Terug by die tema van ’n land “verwond deur geweld”, het Swanepoel, die gasspreker verbonde aan Skuilkrans, ASM-lede raad gegee oor maklike inisiatiewe om by betrokke te raak indien die onderwerp te oorweldigend of “ver” voel. “Begin waar jy is,” het sy gesê. “As dit woede is, begin daar, as dit ontkenning is, begin daar.” Sy meen die voordeel van die NG Kerk is sy “voetspoor” regoor die land, geboue en fasiliteite wat veilig (vir slagoffers van geweld) is.

Die uitgesproke en voortgaande doel van die ASM is vir leiers uit al nege van die NG Kerk se samestellende sinodes om die kerk se roeping binne konteks te verstaan.



Lewenslesse op die wilde paaie van Afrika



Jean Cooper se boek, *Waar die teerpad ophou*, het Augustus hierdie jaar verskyn. “Ek het met ingehoue asem saamgereis,” sê Dana Snyman op die voorblad. Nou kan ek dieselfde sê. Wat ’n verhaal!
Hulle het Europa toe gery, van Pretoria af, die lang kant op deur Wes-Afrika. Meer as 18 000 km in 80 dae. Jean het ’n PhD in Bedryfsielkunde en sy vriend, De Witt Oosthuizen (links in foto bo), is ’n mediese dokter.

Daar was dik sand in Angola, gevaarlike berge op die grens van Nigerië, amper onrybare modder in Kameroen, stormsterk winde in die Sahara, slegte paaie, ewige padblokkades, manne met AK47’s, petrolstasies sonder petrol, OTM’s sonder geld, muskiete, goggas, nimmereindigende gesigte van armoede en swaarkry.

Maar ook misterieuse landskappe wat jou asem wegslaan, antieke bouvalle, ondeurdringbare woude. In die Kongo het ’n gesin gorillas voor hulle oor die pad gehardloop.

En dan was daar die vriendelike mense van Afrika wat oral wou help sonder om iets terug te vra.

Op ’n verlate sandpad in Angola het De Witt geval. Die eerste en enigste keer daardie dag. Toe Jean agter hom stop, hoor hy mense roep. Hy kyk om. ’n Seun kom van agter af aangehardloop. Een van sy sakke het ’n paar honderd meter terug afgeval. Reisdokumente, paspoorte, geld was in die sak. Hy wou hom iets aanbied om dankie te sê, maar die outjie het bloot geglimlag, omgedraai en weer terug gedraf.

Dit sou die einde van hulle reis beteken, het De Witt nie daar geval nie, en was dit nie vir die vriendelike eerlike seun op net die regte plek nie.

Oor en oor skryf Jean van die Voorsienigheid – met ’n hoofletter. Hy wil nie sê ‘die Here dit’ en ‘die Here dat’ nie, wil nie dweperig raak nie. Die misterie is te groot.

“Sê nou daai sak was weg? Was dit dan ook die Here? Of is Hy soms aan diens en soms nie?” skryf hy.

Maar hy beleef diep dankbaarheid.

In Guinee, bo in Afrika, gebeur dieselfde ding. Hulle kom eers agter De Witt se een sak is weg toe hulle stop. Bekommerd ry hy terug. Na meer as ’n halfuur se ry, sit ’n man op die pad se rand in die warm son en wag. Toe hy hom sien aankom, staan die ou op en waai. “Ek het geweet jy gaan terugkom om hom te soek,” sê hy en hou die sak omhoog.

Oral het mense by hulle gestop, gevra of hulle hulp nodig het, water aangebied of hulle genooi om by hulle te oornag. Gewone mense. Oor en oor het hulle opgedaag om te help stoot, om die motorfietse op ’n kano of boot te laai, of om hulle op te help as een van hulle geval het. Meestal mense wat in erge armoede leef.

In ’n bergagtige gebied beland hulle teen skemer in ’n totaal afgeleë, primitiewe nedersetting. Vriendelik nooi die mense hulle in. ’n Ou Moslemhoofman en sy vriend, ’n afgetrede Baptistepastoor, maak saam vir hulle ’n bed op vir die nag.

Jean het begin wonder of dit bloot is omdat hulle wit is, maar besluit later die tipe *white guilt* is eintlik ’n klap in die gesig van gasvrye Afrika.

En ek kan dit beaam. Nou die dag loop ek ’n ou op ’n fiets raak wat al twee jaar lank deur Afrika reis. Die aand vertel die jong Marokkaan my dieselfde storie. Mense in klei- en grashuisies wat hom innooi, kos en water aanbied en niks terug verwag nie.

Dikwels sou hy langs die pad kamp. Slegs een keer in die meer as twee jaar, en meer as 20 000 km, deur Afrika is hy beroof – iemand het in ’n hospitaal sy foon gesteel.

“Mense in Europa het geld maar nie tyd nie, mense in Afrika het tyd maar nie geld nie. Veral tyd vir mekaar,” sê ’n Ierse reisiger wat hulle raakloop.

Die boek vertel ook die verhaal van ’n innerlike reis.

“Ek het in Afrika se spieël gekyk, myself gesien, en ek sal nooit weer dieselfde wees nie,” skryf hy.

Wat het jy gesien? vra ek. Ons drink koffie in Pretoria.

“Ek gaan deur ’n m**rse *midlife crisis*,” het De Witt gesê, toe Jean sy vriend die eerste keer van sy plan vertel om met ’n motorfiets deur Afrika tot in Spanje te ry. Ek ook, het Jean besef en sy vriend se nugter eerlikheid vir die soveelste keer bewonder.

Jean is self ontstellend eerlik. Hy spaar die leser nie sy diepste wroegings en verbode begeertes nie. “Hoe dieper ek in Afrika in reis, hoe dieper reis ek in myself in,” skryf hy tydens die reis.

Op die lang pad worstel hy met vrae. Is ek goed genoeg? Is ek mansgenoeg? Moet ek getrou bly aan my vrou of ander opsies oorweeg? Poliamorie? Waarom is ek so vasgevang in die verwagtings van die samelewing? Wat beteken dit om werklik myself te wees?

“Ek en my vrou kon na die skryf van die boek vir die eerste keer in ’n lang tyd oor ’n klomp dinge eerlik praat,” sê hy en vertel van sy aanvanklike vrees, oor wat sy ouers gaan dink as hulle die boek lees.

In een van die mees aangrypende aanhalings teen die einde van die verhaal sê hy: “Ek sterf eerder as om bewustelik ’n leuen te lewe. Oor die onbewustelike leuens sal ek myself vergewe – maar net tot ek daarvan bewus is. Manwees gaan nie oor wen of beheer uitoefen of Tarzan-speel nie. Dit gaan daaroor of jy die *balls* het om eerlik te wees, en die moed om die waarheid te soek.”

Ons het lank gesels en ek het baie vrae gehad, oor die natuur, die motorfietse, die swaarkry en ongeregtigheid wat hy teëgekom het in Afrika, die wreedhede van godsdienstiges, dikwels Christene, dwars deur die geskiedenis – waarna hy deurentyd in die boek verwys.

“Soos met alle trauma gaan sit dit in jou lyf,” sê hy.

Afrika se trauma sit ook in haar lyf.

Teen die einde van ons gesprek merk ek op: “Ek kan die reis deur Afrika verstaan, maar ’n sinodesitting? Wat het jy nou die dag by die sinodesitting gemaak?”

Paul Grobler, die vorige voorsitter van die Noordelike sinode, het Jean genooi om deel te neem aan ’n bespreking.

Behalwe vir sy studies in bedryfsielkunde het Jean ook ’n meestersgraad in Toegepaste Teologie. Hy glo die kerk kan ’n enorme rol in die genesing van ons land speel, maar dan moet ons minder veroordelend en voorskriftelik wees en ruimtes skep waar mense eerlik kan soek.

Jean sê hy het ontdek dat sin en selfverwesenliking, die dinge bo-aan Maslow se driehoek, dikwels herontdek word in die heel onderste vlakke. Naby die aarde.

’n Boek het my lanklaas so diep laat dink.

Wat ’n vars bries in die hedendaagse Afrikaanse literatuur. *Waar die teerpad ophou*, onderskat nie die leser se intellek nie. Jean oordramatiseer nie en probeer nie alles verduidelik nie. Die reis self is opwindend genoeg. Ook die innerlike dors wat sy vrae wakkermaak – vir dié wat dapper genoeg is om sy uitdaging tot eerlike observasie en introspeksie te aanvaar.

Hy kry dit reg om die spanning en kompleksiteit van kontraste en selfs kontradiksies te observeer en te verwoord, sonder om dit te probeer oplos in eenvoudige geykte antwoorde.

Een van sy voornemens op die reis was om meer te skryf. Hierdie was Jean se eerste boek, hy is reeds besig met ’n tweede en dan nog ’n paar. Iets om na uit te sien.

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeuggemeenskappe en die NG Gemeente Villieria.

Jan Lubbe



’n Vrouestem vir vrede en menslikheid

Dis die wit, dis die swart:
dis die stryd, dis die rou;
dis duiwe wat draai bo die graf van ’n vrou –
dis al.

Dis ’n eeu, dis die dag.
Dis ’n woord, dis die wag.
Dis dié wat ly en dis dié wat weet –
dis al.

Ná drie dae van baie praat – die 9e vergadering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) te eMseni – en baie sugte oor die vier perde van die apokalips wat uitjaag oor ons land en wêreld, sit ons die Saterdagoggend in die koelte van ’n kareeboom neffens die Vrouemonument.

Dit is ’n honderd jaar ná 27 Oktober 1926, op hierdie selfde plek. ’n Hommeltuig draal soos ’n lastige brommer op ’n snikhete dag oor ons kop. Sy beelde op die groot skerm oorkant geprojekteer, wys die stoet aankom; nie in somber gelid nie, maar tóg wiegend van een been na die ander, bewus van iets grootser.

Nét soos destyds: 200 dogters uit Eunice- en Oranje Meisieskole (beide gebore uit die NG Kerk) in wit geklee met hulle palmtakkies; dan ’n groep vroue met gestyfde kappies en studente en dosente van die universiteit geklee in swart manelbaadjies; nog sewe dogters, almal met die naam Emily, en ’n enkele seun (só was dit ook toe: hy’t Emile geheet, vernoem na dié merkwaardige vrou waaroor dit hierdie Saterdag gaan). Vóór hulle, ses meisies wat die kissie as op ’n draagbaar en lanferdoek dra.

Heel vooraan die optog, die blaasorkes gelei deur Dingaan Chabalala. Van ver af, die hele ent, die hele uur, kom die gedrae treurklank van die “Dodemars uit Saul” (GF Händel) afgemete aan; die bastrom in vierslagmaat, die natgeswete blasers. Onder kareebome en rondom die plaveisel voor die monument wat in die somerson lê en bak, wag ’n skare met ingehoue asem. In die ry voor ons, raak ’n grysaard ontroosbaar aan die snik. Gód weet wat gebeur het.

God wéét. God ken die name van hulle wat hier in die konsentrasiekampe gesterf het, suigelinge en bejaardes, wit en swart vroue, duisende famillienames. God ken die naam van die uitgeteerde Carolus wat op 2 Mei 1901 op die perron van die Springfonteinstasie sy laaste asem uitgeblaas het, op sy moeder se skoot, haar blik stom die verte aan ’t intuur – vir ewig vasgevang in dié beeld van Anton van Wouw op die voorkant van die monumentsuil. God ken die naam van die viermaande oue seuntjie wat verlede jaar vermoor is nadat sy ma verkrag is – saam met 81 ander name voorgelees op Swart Donderdag, 29 Oktober, by ons ASM-vergadering. Saam met die naam van die beesboer wat net die vorige oggend tussen Ventersdorp en Potchefstroom aangeval en wreed vermink is. “Vandag sal 60 mense in Suid-Afrika doodgemaak word,” het dr Lizette Lancaster van die Instituut vir Sekerheidstudies die gesprek oor geweld in ons land ingelei. Bendegeweld, politieke geweld, geslagsgeweld, passiemoorde, handgemeenheid en haat. Suid-Afrika huil oor haar kinders. Afrika huil oor haar kinders, van hier tot in Soedan. God wéét van die kinders van Gasa en Israel. God wéét van die seuntjies van Betlehem, “twee jaar en jonger”, afgemaai in Herodes se moordtog agter die Seunskind aan Egipte toe, sê prof Cas Wepener in sy liturgie Donderdagmiddag.

Ek’t rondom my gekyk en gesien hoeveel ASM-lede staan bewoë op, hulleself of geliefdes of lidmate in gemeentes al slagoffers van geweld gewees. “Al wat sin maak, is God wat soos óns lyk. Met ’n regte ma, wat alles gadeslaan. Die gebroke God van gebroke mense”, lees dr Gerhard Pietersen aan ons voor uit sy boek *Wond* (oor die plaasmoord op sy skoonouers). God wat huil oor wat met sy beeld – imago Dei – op aarde gebeur, oor wat hulle mekaar aandoen (Jeremia 8:18). “’n Stem is uit Rama gehoor, ’n weeklag; Ragel huil oor haar kinders” (Matteus 2:18). Ons is ’n diep verwonde land in ’n struikelende wêreld.

As jy dít dan weet, wat doen jy (ná jy die trane afgevee het)? Hoe breek jy dié siklus van woede en geweld wat van generasie na generasie oorgedra word? Waarom is ons besig om as nasie selfdood te pleeg?

Met dié vrae, het ek Vrydagmiddag laat terug in Bloemfontein geland, net betyds vir die teaterproduksie *The story of Emily*. ’n “Vrou wat na haar binnestem geluister het”, sê die verteller, aktrise Amanda Strydom. Met minimale dekor, slim beligting en briljante choreografie het regisseur Nico Scheepers en komponis Janine Neethling die teks van Deon Opperman meevoerend uitgebeeld, vele kinders deel daarvan. Kate Normington as Emily Hobhouse; Dawid Minnaar, Lord Milner; Greg Viljoen as die gehate Kitchener. Gebaseer op haar briewe en ook die bekende toespraak van 1913, wat sy by die inwyding van die Vrouemonument sou kom lewer: “Many nations have fundered on this rock … that liberty is the equal right and heritage of every child of man, without distinction of race, colour or sex.” En haar waarskuwing onomwonde: Moenie aan ander (in julle land) gaan doen wat aan julle gedoen is nie! Skryf Scheepers in die programnota: “We are not Emily. We are those who have inherited the memory of what she witnessed.” En vervolg dan in Afrikaans: “Emily Hobhouse kon nie die oorlog beëindig nie. Sy kon nie elke kind red nie. Maar sy het geweier om weg te kyk.”

Dít is wat my die volgende oggend met die herdenking van haar teraardebestelling so diep geraak het: ’n skare van oor die tweeduisend wit, bruin en swart mense – ánders as ’n eeu gelede! – wat nie weggekyk kry nie. Wat haar stem van rede, gewete en wilskrag oor die Vrystaatse grasveld en klipkoppie na óns toe – in hierdie tyd – hoor terugkom. Ook in die toespraak van generaal Jan Smuts die dag in 1926 (puik vertolk deur akteur Chris Vorster): “Patriotisme is nie genoeg nie. Toe sy sien dat haar Engeland ’n beleid kies in stryd met die hoër morele wette, het sy téén haar eie mense gekies en ons só herinner aan ’n edeler roeping wat alle nasies saamsmee … ons behoort bo alles aan die grotere stad van God” (dis Augustinus terloops, en Psalm 46!). Wat Elsabé Brits en Karen Meiring as projekleiers hier reggekry het, deur by die historiese bronne te bly, het ons help onthou bó die grense van verdeelheid uit. Nie ’n volksfees om Emily Hobhouse as “óns” heldin te kaap nie, maar ’n herdenking om haar profetiese stem téén magsmisbruik en geweld vry te laat blý opklink, waarookal. Vredesonthalwe. Vir menslikheid. Dis al.

Sewe “Boerekrygers” het nadergestaan, soos in 1926, vir drie salvo’s – ’n treursaluut. En wit duiwe is vrygelaat, wat die hemel ingesirkel het. Dis al.

Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.



Nadia Marais

Die geskenk van VERBEELDING

What we consider real is also imagined: every life lived is also an inner life, a life created.

So verduidelik die Kanadese skrywer Margaret Atwood – in ’n stel lesings waarin sy nadink oor wat dit beteken om ’n skrywer te wees, gepubliseer met die aangrypende titel *Negotiating with the dead* (2002) – oor die gegewe van ’n verbeelding.

Verbeelding word dikwels geassosieer met dit wat fiktief – onwerklik en onwaar, en dalk selfs kinderlik – is. Verbeeldingsvlugte na fantasiewêrelde (dink maar aan *Star Wars* of *Lord of the Rings* of *Dune*) bied tydelike verligting van die konstante druk om te leef, oorleef en mens te wees, maar die vraag is uiteindelik: Mond dit noodwendig uit in meer langdurige lewenservaringe en lewensvaardighede? Maak dit enige werklike verskil aan ons?

Verbeelding sou die laaste tyd heelwat aandag ontvang binne akademiese geledere.

So verskyn die filosoof Paul Ricœur se lesings oor verbeelding – wat 50 jaar gelede by die Universiteit van Chicago gelewer is – vir die eerste keer onlangs in Engels, met die titel *Lectures on imagination* (2024). Hy onderskei tussen wat hy noem “reproduktiewe verbeelding” (oftewel “picture”, wat beelde oproep en werk met die logika van repetisie) en “produktiewe verbeelding” (oftewel “fiction”, ’n kreatiewe rekonstruksie van onsself, ons lewe en die wêrelde waarbinne ons leef). Goeie fiksie, argumenteer Ricœur, se primêre funksie is nie om ons tydelik uit ons omstandighede en dilemmas te lig nie – dit ontwikkel eerder in ons die vermoë om anders te kyk en te dink; dit open nuwe verstaansmoontlikhede (of dimensies, verduidelik hy) van ons werklikheid.

Ons span ons verbeelding waarskynlik baie meer dikwels in as wat ons besef.

Die Amerikaanse filosoof Amy Kind, wat spesialiseer in filosofieë van verbeelding, verduidelik dat ons verbeelding onder andere soos ’n laboratorium funksioneer. Dit kan ’n veilige ruimte bied waarbinne ons ander weergawes van onsself – ander keuses wat ons uitoefen, ander prioriteite, ander lewens – veilig kan toets en simuleer; binne ’n beheerde, ingeperkte omgewing. Dit help ons om alternatiewe moontlikhede te deurdink, en ons doen dit waarskynlik alreeds sonder om te besef dat dit juis ons verbeelding is wat ons help om moeilike keuses uit te oefen. Hoe sou dit lyk as ek op ’n ander dorp gaan bly, of in ’n ander land? Hoe sou my lewe lyk as ek ’n ander loopbaan sou volg, of (nog) ’n kind sou hê? Voordat ons veranderinge aanbring aan onsself en aan ons lewe steun ons op ons verbeelding om simulasies te genereer van die verskillende alternatiewe voor ons.

Maar daar is ook ’n ander gebruik van verbeelding waarsonder ons beswaarlik kan klaarkom, waaraan teoloë soos Garrett Green (in sy *Imagining God* (1989)) en David Kelsey (in sy *Imagining redemption* (2005)) ons herinner. Ons sien nooit die volle prentjie raak nie; ons is bloot nie in staat daartoe om ’n geheelbeeld – selfs van onsself en van ons eie lewe – voor ons te sien nie. Ons sien dele raak; moontlik die belangrikste dele, dalk ook heelwat van die dele – maar dan doen ons (dikwels sonder dat ons dit besef) iets méér. Op grond van die stukkies inligting, indrukke van mense en gebeure, beur ons in die rigting van ’n geïntegreerde, samehangende geheel.

Ons interpreteer – ons vul die gapings in – met ons verbeelding, en ons doen dit ook met God. Ons doen dit gelukkig nie alleen nie; ons troos is (onder andere) dat ons binne ’n langer, groter, ouer geloofstradisie van Godsverbelers (of “God imaginers”) staan, met wie ons saam soek na verstaan.

’n Verbeelding is dus nie ’n luukse nie, en ook behoort ons dit nooit te (wil) ontgroei om verbeeldingryk te leef nie, want verbeelding help vorm onder andere aan ’n noodsaaklike binne-lewe waarsonder geeneen van ons sin kan maak van ons lewe, wêreld of God nie. Wanneer ons bewus raak van hoe beperk ons sien, hoe eensydig ons dink, hoe eentonig en vaal en klein ons en ons lewensuitkyke sou word sonder verbeeldingrykheid, behoort ons geleenthede op te soek en uit te soek om ons verbeelding te ontwikkel.

Dit is merkwaardig hoe verbeeldingvaardig kinders is, sonder enige opleiding, byna intuïtief – en skrikwekkend hoe vinnig ons as grootmense daardie vaardigheid kan verskraal en aan bande lê. Dalk is dit dan ook die grootste geskenk van die opkoms van kunsmatige intelligensie in ons tyd: dit herinner ons daaraan dat ons baie meer is as ons intelligensie, en lê bloot hoe oppervlakkig en swak intelligensie vaar as ’n toets van die kwaliteit van ons menswees of potensiaal. Intelligensie is verreweg nie die belangrikste, langdurigste of interessantse kapasiteit nie.

Ons is baie meer as die optelsom van ons IK.

Hierdie Adventstyd bied dalk juis ’n geleentheid om God, wat op verbeeldingryke maniere in ons lewe en wêreld inbeur, teë te kom. Mag ons in hierdie tyd herontdek wat dit beteken om die geskenk van verbeelding te ontvang.

Prof Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is as predikant aan die NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen gekoppel.

‘Ek het openheid vir verandering in die kerklike strukture beleef’

MICHELLE VAN TONDER

Ná my verkiesing as moderator van die Hoëveld Sinode tydens die sinodesitting in Oktober 2026, het ek begin nadink oor die veranderinge wat ek oor die jare in die kerklike strukture beleef het.

In 2009 is ek, as derdejaar-teologiestudent en ouderling van die Studentekerk in Bloemfontein, tot die Moderamen van die Vrystaatse Sinode verkies. Dit was vir my ’n besondere geleentheid om op dié manier blootstelling aan die breër kerklike strukture te kry. Ek het ervaar dat ek met openheid ontvang is as iemand wat ’n nuwe ontwikkeling in die kerklike leierskap verteenwoordig het.

Wat my die afgelope paar weke opgeval het, is hoe duidelik die verandering oor die afgelope 15 jaar sigbaar geword het. En daarmee verwys ek nie net na die kleredrag nie!

Dit is duidelik: Die NG Kerk het saam met die tyd beweeg en ek het hierdie beweging oorwegend positief beleef. Ek besef egter dat daar baie ander mense is wie se ervaring nie dieselfde as myne was nie. Sommige moes met seerplekke, trane, afgunstige en neerhalende stemme en blikke probeer om ’n plek in die kerk en in leierskapsrolle te vind. Ek is daarom besonder dankbaar teenoor dié wat voor my gekom het en deur hulle eie uitdagings en volharding die pad vir my help gelyk maak het.

Wat ek as teologiestudent en later as leraar beleef het, was talle geleenthede om my gawes uit te leef, blootstelling aan geleenthede vir groei, asook ondersteuning en mentorskap om in my roeping te groei en dit uit te leef. Ek het deur die jare verskeie mentors gehad – vanaf my skooljare, deur my universiteitsopleiding, in die gemeentes waar ek gewerk het en ook op die kerklike komitees waarop ek gedien het.

Waarom is hierdie belangrik?
Wanneer ek hieroor nadink, bring dit twee dinge by my na vore. Eerstens, ’n diepe waardering en begrip vir dié wie se ervaring van die kerk nie so positief soos myne was nie. Tweedens, ’n opregte hoop vir die kerk se toekoms.

Dit lyk vir my asof ons al hoe meer ’n Bybelse prentjie van kerkwees en kerklike leierskap begin weerspieël. Dink maar aan die vroue wat leidende rolle in die verkondiging van die evangelie gespeel het, soos die Samaritaanse vrou (Joh 4), Maria Magdalena (Joh 20), Lidia (Hand 16) en Priscilla (Hand 18), om maar ’n paar te noem. Dink aan jongmense soos Timoteus, en selfs die seuntjie met die broodjies en vissies. Dink aan mense uit verskillende volke en kulture, soos Rut en Simon van Sirene. Dink aan ouer mense soos Abraham en Moses. Dink aan mans soos Paulus, Petrus, Johannes en Matteus ens.

Die Bybel is vol voorbeelde van hoe God mense met verskillende



Hoe dit destyds gelyk het...



...so lyk die prentjie nou.

agtergronde, ouderdomme, gawes en lewenservarings roep en gebruik om sy koninkryk te dien. Dit lyk vir my of die NG kerk nou vir oud en jonk, vir man of vrou wat geroepe voel om te dien, die geleentheid en ruimte gee om met hulle gawes en passie te dien. Wanneer ek na die foto van die kerklike leierskap kyk waarvan ek onlangs deel geword het, is dit juis hierdie prentjie wat ek raaksien. Dit maak my hart warm en bly, want dit getuig vir my dat roeping in die kerk nie in die eerste plek na jou uiterlike kyk en vra of jy ‘reg en bekwaam’ lyk nie. Dit vra eerder of jou hart brand vir die werk waartoe jy geroep is.

Daarom glo ek dat die Here enige mens kan gebruik en dat Hy jou deur sy Gees toerus vir die werk waartoe Hy jou roep. En dan voel ek ’n bietjie soos Ester: “Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!” (Ester 4:14).

Ds Michelle van Tonder is predikant van die NG Gemeente Kempton-Kruin en voorsitter van die Sinodale Diens-kommissie van die Hoëveld Sinode.

Die Belydenis van Belhar – eintlik 197 jaar oud

Johann Theron van Kraaifontein skryf: Die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die Wes-Kaap het onlangs die 40 jarige bestaan van die Belharbelydenis gevier.

Belydende lidmate van die NG Kerk beloof dat hulle by die kerk se belydenis sal bly en alle lering wat daarmee in stryd is, sal verwerp.

So bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 14) die totale verdorwenheid van die mens en verwerp daarom die leer van die vrye wil.

Saam met die Geloofsbelydenis van Nicea bely Belhar: “Ons glo aan een, heilige, algemene Christelike kerk”. Daarom verwerp Belhar “enige leer wat ontken dat ’n weiering om hierdie sigbare eenheid as ’n kosbare gawe na te jaag sonde is”. Belhar bely dus die eenheid van die kerk en verwerp daarom aparte rassekerke.

Die leerstellige inhoud van Belhar is eintlik reeds in 1829 in die (2de) Kaapse Sinode besluit. Die besluit lui so: “Dat persone van kleur tegelyk saam met die ander lidmate die Nagmaal gebruik, is ’n onwrikbare stelreël op die onfeilbare Woord van God gegrond en dat alle Christengemeentes en elke Christen in die besonder verplig is om so te dink en te handel.” Hiermee is die leer van aparte rasse-nagmaal en aparte rassekerke verwerp.

Baie NG lidmate het egter vanaf die 1830’s weggetrek uit die Kaapkolonie om hierdie besluit te ontkom.

Toe wit lidmate in die NG Kerk Stockenström in 1855 aparte Nagmaal vir die wit lidmate versoek het, het die kerkraad van Stockenström geantwoord dat dit teen die Woord, die Belydenis en die Nagmaalsformulier is. Die leer van afsonderlike rasse-nagmaal en rassekerke is hiermee weer verwerp.

In 1857 het die Kaapse NG Kerk hierdie verwerpte leer egter tegemoetgekom, “vanweë die swakhede (sonde) van sommige”.

Die lidmate wat weggetrek het uit die Kaap, moes egter afstig van die NG Kerk in die Kaap as gevolg van ’n hofbeslissing in 1862. Hieruit het die NG Kerk van die Kaap, Transvaal, Vrystaat en Natal onafhanklik ontwikkel.

Die leer van aparte rassekerke het beslag gekry in die kerkordes van Transvaal in 1894, Natal in 1940 en in die Vrystaat in 1956. Dié kerkordes het bepaal dat hierdie kerke vir wit lidmate bedoel is. Daarmee is die verwerpte leer gehandhaaf in dié kerke.

Met die Cottesloe-beraad in 1960 het die wêreldwye kerk die NG Kerke onder andere gekonfronteer met die feit van die sonde van aparte rassekerke. In reaksie hierop het die NG Kerk van die Kaap, Transvaal, Natal en Vrystaat, tesame met die NG Kerk Namibië kerkordelik “verenig” tot een wit NG Kerk in 1962. Artikel 44 van hierdie kerkorde handel oor belydenisvorming. Hiervolgens is die Kaapse Kerk se belydenis onderhewig aan die goedkeuring van die NG Kerke van Transvaal, Natal, Vrystaat en Namibië.

Die paradoks is daarom dat die leerinhoud wat Belhar in 1986 verwoord het, reeds in 1829 deur die Kaapse NG Kerk aanvaar is. Die Kaapse Kerk kan dus nie sy oorspronklike belydenis uitleef en Belhar aanvaar nie, want die oorspronklike verset bepaal nog steeds die Kaapse Kerk se belydenis – nie die onwrikbare stelreël in die Woord nie.



Wanneer Woordverkondigers luister na woordkunstenaars

Wat gebeur wanneer predikante, musikante, digters en musiekliefhebbers met 'n Bybelse bril op na Bob Dylan en Taylor Swift luister? By die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) het 'n konferensie oor musiek, kuns en geloof ontwikkel tot 'n ontdekking van hoe God se Woord en die woorde van kunstenaars soms in gesprek tree met mekaar. **Francois Mulder** was een van die aanbieders.

Op pad terug ná die Bob Dylan-Taylor Swift-konferensie op Wellington, luister ek en my vrou Karina na die Walliese sanger-liedjieskrywer Martyn Joseph se 2019-lied "Driving her back to London" vanaf sy album "Here come the young." Die lied vertel hoe hy sy dogter by haar universiteit in Londen gaan aflaai. Op pad maak hulle beurte om musiek te speel:

"Driving her back to London / Home from home for her / Swapping tunes on iPhones / She plays Kings of Leon, I play her Rolling Stones … She plays me Beach House, I play her Blur."

'n Soortgelyke musikale gesprek tussen generasies het tydens dié unieke konferensie afgespeel met deelnemers gebore in verskillende dekades wat by mekaar kon leer oor twee invloedryke Amerikaanse kunstenaars.

Donkies en Dylan

'n Siener wat nie kan sien nie. 'n Donkie wat wél kan sien. En God wat besluit om deur 'n donkie met 'n mens te praat! Dit was ds Alex Clark se verrassende vertrekpunt toe hy die Bob Dylan-Taylor Swift-konferensie op 20 Oktober 2026 geopen het. Vanuit Numeri 22:20-35 het hy ons herinner aan Bíleam, wat die Engel van die Here nie kon raaksien nie, terwyl sy donkie Hom wel gesien het. Biléam beleef die wonder dat die Here die donkie met hom laat praat om hom tot besinning te roep. Beslis 'n vreemde en ongewone stem! Nét so moet ons ook oop wees om soms God se stem te hoor deur vreemde kanale – soos die kunste en musiek. Ek het dadelik gedink aan Jannie du Toit se "Luisterlied" wat in die laaste vers benadruk dat ons moet luister na hulle "Wat op my buitekring bly staan / Waar vreemde stemme hul bekoor / Gee my oë vir die soekstem / Van ons tyd / God praat / God werk in woord en daad / Hy bou sy koninkryk / En ons leef luisterryk." Dalk is dit presies wat van Woordverkondigers gevra word: om met oop oë en ore te leef en ook te luister na stemme wat soms buite ons gewone geloofs- en kultuurkringe weerklink.

Die twee-dag-konferensie, soos die vorige twee oor U2 (2024) en Leonard Cohen (2025), het juis hierdie soort luister probeer aanmoedig. Hierdie keer was Bob Dylan, oftewel Robert Allen Zimmerman (1941-), die hooffokus. Met 'n verrassende "Swift twist" is Taylor Swift ook by die gesprek betrek.

> **Vervolg op bl 10**



Die konferensie is genoem na een van Dylan se bekendste, maar ook mees kontroversiële albums, "Slow train coming", wat hy in 1979 opgeneem het, kort ná sy bekering.

> Vervolg van bl 9

Dylan en Swift? Rerig?

Die gedagte om Dylan en Swift saam te bespreek, het aanvanklik heelwat grappe opgelewer. Die een is die misterieuse, byna onaantasbare woordsmid wat in die sestigerjare met sy kitaar en mondfluitjie die protesstem van 'n generasie geword het. Die ander is die meer onlangse wêreldwye popverskynsel wie se aanhangers hulleself trots "Swifties" noem.

Maar is Dylan werklik die diepsinnige digter en Swift bloot 'n oppervlakkige popmusiekster? Of onderskat ons dalk die vermoë van kunstenaars om deur verskillende genres en generasies heen mense se lewe met woorde en musiek te verwoord?

Dylan se invloed op populêre musiek en letterkunde is onmiskenbaar. Hy het sosiale, politieke en godsdienstige temas in populêre musiek ingebring en die lirieke tot die vlak van poësie verhef. In 2016 ontvang hy die Nobelprys vir Letterkunde vir die skepping van "nuwe poëtiese uitdrukkings binne die groot Amerikaanse liedtradisie".

Een van die redes waarom Dylan se musiek ook vir gelowiges belangrik geword het, is sy besondere geloofsreis. Sy bekering in die laat sewentigerjare het gelei tot drie Gospel-albums: *Slow train coming* (1979), *Saved* (1980) en *Shot of love* (1981). Leonard Cohen, wat Dylan in 1985 beskryf het as "the Picasso of song", het van *Slow train coming* gesê dat dit van die mooiste Gospel-liedere bevat wat hy nog gehoor het. Ook Bono, die sanger van U2, het erken dat Dylan hom deur dié album die moed gegee het om openlik oor sy geloof te sing.

Taylor Swift (1989-) se wêreld lyk aanvanklik ver verwyderd hiervan. Tog is haar vermoë om deur persoonlike stories en treffende beelde mense se ervarings te verwoord, 'n belangrike deel van haar aantrekkingskrag. Haar aanhangers hoor hulle eie lewensverhale in haar liedere en voel raakgesien, gehoor en getroos.

Die vredesverdrag tussen die Dylan-aanhangers en "Swifties" was dus gou gesluit. Verskillende kunstenaars, eras en musiekgenres, maar dieselfde soeke na betekenis, identiteit en behoort.

Die ongeveer dertig deelnemers was predikante, joernaliste, musikante, 'n digter, 'n teologiestudent, kerklike amptenare en selfs die hoof van 'n KI-maatskappy. Terugskouend was ons egter veel meer as ons onderskeie professies: 'n groep digters, filosowe, kultuurontleders, Bybellesers, musiekwaardeerders, kunstenaars en Godbewonderaars wat sáám kon dink, kuier en konsert hou en opnuut geïnspireer is deur die Skepper van die heelal om as sy skepsels skeppend te wees tot sy eer.



Francois Mulder, Laurinda Hofmeyr en Schalk Joubert. Tydens hulle "DROOM DYLAN"-konsert het Francois die lied "Every grain of sand" saam met hulle gesing.

Wanneer 'n lied 'n lewe verwoord

Een van die eerste gesprekke het begin met 'n eenvoudige vraag: Wat is jou gunsteling Dylan- of Taylor Swift-lied, en waarom?

Die antwoorde het gewys hoe diep musiek in mense se lewe verweef is.

Annemarie van Niekerk het bewoë vertel hoe Dylan se seëngebed-lied "Forever young" tydens haar ma se stryd met demensie 'n besondere betekenis gekry het. Dit was die enigste lied waarna haar ma telkens gevra het en wat haar rustig kon maak. Die lied bid: "May God bless and keep you always …" 'n Lied wat dekades gelede geskryf is, het skielik 'n ma en dogter se persoonlike gebed geword.

Taylor Swift se "Shake it off"het weer op 'n heel ander manier aanklank gevind. Een van die "Swiftie-dominees" het dit met groot humor beskryf as 'n soort terapie ná traumatiese beradingsessies, moeilike vergaderings en emosionele hospitaalbesoeke.

Daar is baie gelag, maar ook 'n dieper besef: musiek is nie bloot vermaak nie. Dit help mense om hulle ervarings te verwoord, emosies te verwerk en soms weer moed te skep.

Drie stilwoordmomente met Dylan en die Woord

Die drie halfuur-stilwordmomente wat ek tydens die konferensie aangebied het, was vir my 'n besondere geleentheid om Dylan se musiek en die Bybel met mekaar in gesprek te bring. Ons het telkens na een of meer liedere geluister, 'n paar toepaslike Skrifgedeeltes gelees en daarna ruimte gemaak vir sang, oorgawe, gebed en stilte.

Die eerste stilwordmoment het in die beroemde Donkiebos plaasgevind. Dit is die bosgedeelte by die AMSS waar studente van die destydse Sendinginstituut (1877-1962) aan die einde van hulle studiejare gaan bid het om te luister waarheen die Here hulle stuur as "donkies" wat Jesus in Afrika indra.

In hierdie besondere omgewing het ons na Dylan se "Gotta serve somebody" vanaf sy 1979-album *Slow train coming* geluister. Die lied stel ons voor 'n onontwykbare keuse: Uiteindelik dien elke mens iets of iemand. Die vraag is nie óf jy gaan dien nie, maar wie of wat jou lewe regeer. Dylan sing: "You're gonna have to serve somebody. Well, it may be the devil or it may be the Lord / But you're gonna have to serve somebody."

Die lied se uitdaging om iemand te dien, het in die stilte van die Donkiebos 'n besondere betekenis gekry. Die plek waar generasies jong mense kom luister het na God se roepstem, het skielik 'n ruimte geword waarin Dylan se woorde en Matteus 6:24, Josua 24:15 en Romeine 6:16 mekaar ontmoet. Ons het Dylan geantwoord deur "Turn your eyes upon Jesus" en "Kom kniel by die kruis" te sing.

Die tweede stilwordmoment het plaasgevind in die kapel wat destyds Andrew Murray se perdestalle was. Hier het Dylan se "Saving grace" (1980, *Saved*) weerklink. Die lied se belydenis van vertroue op God en sy reddende genade het ons na die hart van die Christelike geloof geneem. Daarna het John Newton se bekende "Amazing grace" in dieselfde kapel weerklink. Dit was een van daardie oomblikke waarin twee liedere, uit verskillende eeue en heeltemal verskillende musikale wêrelde, bymekaar uitgekom het. Newton se ou bekende geloofsbelydenis en Dylan se meer onstuimige Gospel-klank het dieselfde waarheid besing: Ons lewe uit genade. Die een lied het die ander verdiep. Kuns en Woord het hier nie met mekaar meegeding nie, maar mekaar aangevul.

> **Musiek is nie bloot vermaak nie, dit help mense om hulle ervarings te verwoord.**

Die derde stilwordmoment het rondom twee Dylan-liedere, "Every grain of sand" en "When He returns", ontwikkel. In "Every grain of sand" besing Dylan die vermoë om selfs te midde van woede en verwarring iets van God se hand in die kleinste besonderhede van die skepping raak te sien: "In the fury of the moment I can see the Master's hand / In every leaf that trembles, in every grain of sand."

"When He returns" neem ons weer na die verwagting van Christus se wederkoms. Dylan sing: "Surrender your crown on this blood-stained ground / Of every earthly plan that be known to man, / He is unconcerned / He's got plans of His own to set up His throne."

Saam het die liedere ons laat nadink oor God se teenwoordigheid in die klein besonderhede van die lewe, maar ook oor die groter hoop waarop ons geloof rus.

Die stilwordmoment is afgesluit met die bekende Liedboek-lied "Voel jy soms of die Here te ver is". Die lied het ons almal aangemoedig met die woorde: "… jy moet glo dat die Heer met jou saamloop …"

Dit was nie bloot drie geleenthede om na mooi musiek te luister nie. Dit was drie uitnodigings om met ander ore na Dylan, die Bybel en ons eie geloofslewe te luister.

Kunstenaars as profete en storievertellers

Een van die belangrikste gesprekke tydens die konferensie het gegaan oor die waarde en profetiese krag van woorde en musiek. Marnus Havenga (PSD: Kerklike opleiding, NG Wes-Kaapland) het drie kunstenaars uit verskillende generasies en kunsvorme hieroor aan die woord gestel.

Deon Meiring, hoofsanger en liedjieskrywer van die Afrikaanse rockgroep Glaskas, het beklemtoon dat kunstenaars dikwels besonder sensitief is vir wat rondom hulle gebeur. Hulle voelers tel soms dinge op wat ander miskyk. Soos gelykenisse en die Psalms kan stories en gedigte deur mense se skanse breek en die hart bereik. Daarom behoort die kunste ook 'n groter plek in die erediens te kry.

Vir Meiring is Dylan in die eerste plek ’n digter en daarna ’n musikant. Hy het ook met groot humor vertel hoe hy Taylor Swift se “You need to calm down” in 2019 vir die pret in Afrikaans vertaal en op TikTok geplaas het: “… raak vir my rustig / jy is te luidrugtig / soos, jy moet net stop / soos, hou tog net op / om te trap op my rok / jy moet rustig word.”

Innè van Zyl, ’n finalejaar-teologiestudent wat haar gemeentejaar by Pellissier NG Gemeente doen, het weer die krag van Swift se storievertelling beklemtoon. Sy beskryf Swift as ’n soort kortverhaalskrywer wat deur haar liedere tonele skep waarin aanhangers hulleself herken. Haar musiek gee veral aan jonger vroue woorde om hulle ervarings, vreugdes en seerkry te verwoord.

Die digter en predikant Dewald Jacobs van Sarepta-gemeente het die gesprek met Adam Small se bekende gedig “Wie’s hy?” begin. Daarin sit Small digkuns as anders kyk, raaksien, benoem en verwoord op die tafel, maar ook dat almal spontaan digters kán wees. Uit sy eie digbundel WEERSTAND het Dewald in aansluiting by Small ’n gedeelte uit “Verbeeldingskind” voorgelees:

“Jy hardloop weg na die metaforiese euforie, dit is hier waar jy vrede, vreugde en lewe vind; jou realiteit herskryf in ’n verbeeldingryke storie, dit is jou ontsnappingsweg van die gejaag na wind. In lirieke, digkuns en prosa skets jy die lewe …”

Jacobs het daarop gewys dat digters en woordkunstenaars mense dikwels help om woorde te vind vir ervarings en emosies waarvoor hulle self nie taal het nie. Dit is ook wat die Psalms doen. Hy het prof Dirkie Smit se vraag aangehaal: “Wie luister na die klanke van die lewe?”

Dit is ’n vraag wat predikante gerus ’n bietjie ongemaklik mag maak. Luister ons wyd genoeg? Lees ons genoeg? Is ons bereid om buite ons bekende kringe te beweeg en te hoor wat kunstenaars, digters en musikante oor die lewe sê?



Bob Dylan was met sy kitaar en mondfluitjie die profeet en protesdigter van die sestigerjare en daarna. Die konferensiesaal is versier met foto’s van Dylan deur die jare, sy lirieke en ’n uitstalling van plate en boeke. Op die foto is sy beroemde Gospel-albums uit die tydperk 1979-1981.

Die kreatiewe skeppingsopdrag

’n Besonder persoonlike gesprek het ontstaan toe drie ou universiteitsvriende, Le Roux Schoeman (redakteur van *Kerkbode*), John Vorster (stigter en hoof- uitvoerende beampte van Oceanpath.ai) en Alex Clark (predikant by NG Kerk Ceres), oor hulle gedeelde liefde vir Dylan gesels het. Hulle vriendskap dateer uit die negentigerjare. Een van hulle gedeelde herinneringe is ’n sendinguitreik na Mosambiek waartydens hulle een kasset met Dylan-liedere so gereeld gespeel het dat dit behoorlik voos geluister is.

Schoeman beskryf Dylan se musiek as die “klankbaan van my lewe”. Dylan het hom gewys wat met taal en woorde moontlik is. As joernalis sien hy in Dylan se kuns die vermoë om tegelyk ’n spieël en ’n venster te wees: ’n spieël waarin ons onsself herken en ’n venster waardeur ons die wêreld anders kan sien.

Hy het ook Dylan se aangrypende “Last thoughts on Woody Guthrie” met ons gedeel. Dylan het die gedig op 21-jarige ouderdom geskryf nadat hy sy musiekheld Woody Guthrie in die hospitaal besoek het. Die gedig eindig met ’n verrassende beeld waarin God en Guthrie op ’n manier saam in die Grand Canyon teen sonsondergang gevind kan word.

Vorster het weer Dylan se vermoë om die teenstrydighede en kompleksiteit van die lewe te omarm, beklemtoon. Hy het onder meer na “Desolation Row” verwys, ’n indrukwekkende lied van elf minute waarin historiese en fiktiewe karakters en beelde uit verskillende literêre eras saamkom.

Dylan se woorde in Martin Scorsese se dokumentêr *Rolling thunder revue: A Bob Dylan story* het John veral bygebly: “Life isn’t about finding yourself … Life is about creating yourself and creating things.” Dit het hom laat nadink oor die skeppingsopdrag en oor die belangrikheid daarvan om ook sy kinders aan te moedig om skeppend te bly leef, selfs wanneer hulle teleurstellings beleef.

Efesiërs 2:10 het by my opgekom: “God het ons in Christus geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

Alex het die gesprek met ’n geloofsbelydenis saamgevat wat vir my die hele konferensie se uitgangspunt verwoord het:

“Ek glo in God as die Skepper wat in elke mens die vermoë geplaas het om te kan skep en die moontlikheid om voortdurend deur Hom omskep te word.”

Genesis 1:27 herinner ons juis dat God die mens as sy verteenwoordiger, na sy beeld, geskep het.

Ons is dus nie net skepsels wat die skepping bewonder nie. Ons is ook skeppende mense, met die vermoë om deur ons woorde, musiek, kuns en dade iets van die Skepper te weerspieël.



Sprekers en organiseerders was vlnr: Deon Meiring (sanger van “Glaskas”); Alwyn Carstens (predikant by Parow-Welgelegen); Le Roux Schoeman (redakteur van *Kerkbode*); John Vorster (stigter en hoof- uitvoerende beampte Oceanpath.ai); Francois Mulder (predikant by Blancogemeente, George); Marnus Havenga (PSD: Kerklike opleiding, NG Wes-Kaapland); Innè van Zyl (finalejaar-teologiestudent aan die Universiteit Stellenbosch besig met gemeentejaar by Pellissier NG Gemeente); Dewald Jacobs (digter en predikant by Sarepta-gemeente in Kuilsrivier) en Alex Clark (predikant by NG Kerk Ceres).

Droom Dylan

Die konferensie se musikale hoogtepunt was Laurinda Hofmeyr (klavier en stem) en Schalk Joubert (baskitaar) se DROOM DYLAN-konsert. Laurinda, bekend vir haar toonsettings van Afrikaanse gedigte, het vyf Dylan-liedere op ’n besondere manier vertolk.

Sy het vertel van die skoonheid en eenvoud van Dylan se melodieë, maar ook van die vlymskerp protes wat dikwels in sy lirieke skuil. Dit was my voorreg om saam met Laurinda en Schalk Dylan se “Every grain of sand” te kon sing. Haar eie toonsetting van Fanie Olivier se gedig “Last grave at Dimbaza” het die gehoor sprakeloos gelaat.

Die aand het met ’n staande applous geëindig. Daarna is tot laat gekuier, gesels en gefilosofeer.

Luisterryk leef

Van predikers word verwag om Sondag na Sondag, onder leiding van die Heilige Gees, woordkunstenaars met die Woord te wees. Maar dalk vergeet ons soms dat ons self ook moet leer luister na woordkunstenaars.

Bob Dylan en Taylor Swift, Leonard Cohen en Bruce Cockburn, U2 en Spoegwolf of Koos du Plessis en Frieda van den Heever kan ons help om die tyd waarin ons leef onder woorde te bring.

Hulle psalm-krete, gedig-melodieë, filosoof-gedagtes, pret-rympies, liefde-liedere, profeet-woede en protes-gesange verbreed ons woordeskat. Soms gee hulle ons woorde vir ons eie pyn, vrae en verlange. Soms dwing hulle ons om anders na die wêreld te kyk. En soms help hulle ons om die Skat van die Woord, wat gevul is met oordeelsgedigte, aanbiddingsliedere én verlossingsgebede, opnuut te ontdek.

Dáárom het ons as Woordverkondigers tydens die konferensie geluister na twee besondere woordkunstenaars.

Mag ons oop wees om te luister, te ontdek en voortdurend deur die Skepper omskep te word.

Ds Francois Mulder is al 32 jaar predikant, waarvan 20 jaar in Blancogemeente, George.

Kannabis:
Ken jy die feite?

Daar bestaan aansienlike verwarring tussen die moontlike mediese voordele van spesifieke kannabinoïede en die gesondheidsrisiko's wat met ontspanningsgebruik van kannabis gepaardgaan, hoor **Fanie Heyns** by 'n kenner in hierdie ondersoek na Suid-Afrika se kannabis-ekonomie.


Foto: Jaco Marais

Teddy Dan is die bestuurder van die Cape Weed Lovers Market in Albertweg, Woodstock, een van talle soortgelyke besighede in die Moederstad wat lyk soos iets tussen 'n kroeg en 'n apteek. Hulle het twee kategorieë van klante, verduidelik hy aan *Kerkbode*. Die een groep is mense wat dagga vir medisinale doeleindes gebruik. Die ander is lede van 'n soort "sosiale klub", wat toegang tot dagga kry. Niemand jonger as 21 word toegelaat om 'n kontrak met die klub te sluit nie weens die negatiewe impak wat dit op hulle breinontwikkeling kan uitoefen, volgens Dan.

Die Konstitusionele Hof het in 2018 privaat gebruik gedekriminaliseer. Die regering, tesame met 'n magdom rolspelers (van landbou tot medici tot handel), werk egter nog aan 'n behoorlike riglynraamwerk vir die kannabisbedryf en probeer 'n balans tussen ekonomiese potensiaal en veiligheid vir die publiek vind, blyk dit uit 'n persverklaring oor die sitting van die portefeuljekomitee van handel, nywerheid en kompetisie wat in Maart vanjaar namens die voorsitter, Mzwandile Masina, uitgereik is.

Hoewel private gebruik van kannabis regtens toelaatbaar is, is die kommersiële handel in kannabisprodukte grootliks verbode in Suid-Afrika, wat daartoe lei dat die mark oorheers word deur onwettige handel. "Skattings wat voor die (portefeuljekomitee van handel, nywerheid en kompetisie) komitee gedoen is, dui daarop dat die onwettige mark vir kannabis in die land in die omgewing van R36 miljard kan wees, terwyl die wettige mark aansienlik kleiner is," luidens die verklaring.

Ben Stevens, redakteur van die businessofcannabis.com-webwerf, het in April vanjaar berig dit is tans ingevolge Artikel 21 van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe vir dokters moontlik om by die Suid-Afrikaanse mediese produkte-beheerliggaam (SAHPRA, South African Health Products Regulatory Authority) aansoek te doen vir spesiale toestemming om toegang tot ongeregistreerde medisyne, soos kannabis, vir individuele pasiënte.

Sommige kleinhandelwinkels het wederregtelik probeer om onder 'n breër interprestasie van hierdie bepaling te funksioneer en dit effektief as 'n algemene kleinhandellisensie te hanteer.

Die Artikel 21-magtiging is egter spesifiek gemik op en derhalwe van toepassing op indviduele pasiente. Dit stel in die vooruitsig en vereis die medewerking van 'n geregistreerde dokter. Dit maak geen voorsiening vir algemene kleinhandelverkope aan die publiek nie. Desnieteenstaande floreer ondernemings, wat hierdie papierdun regstoegewing misbruik, steeds in die land se grys of skadu-ekonomie, volgens Stevens van businessofcannabis.com.

Praat 'n mens met mense binne Suid-Afrika se daggabedryf, hoor jy dikwels die klem op die wye toegang tot inligting eerder as bangmaakstories. Dagga kan verslawend wees, maar nie elkeen wat dit gebruik sal 'n afhanklikheid ontwikkel nie," sê Andrew Macfarlane. Hy is die skakelbeampte van *Rolling Stoner*, 'n tydskrif en webwerf wat kannabisvriendelik is. Dit is nie behulpsaam om jongmense bang te maak of te veroordeel oor hulle keuses rakende dagga nie, meen hy. "Gee hulle geloofwaardige inligting, verduidelik die risikos en help hulle om ingeligte besluite te neem."

Wat is kannabis?

Volgens dr Lisa Dannatt, 'n Kaapse psigiater wat fokus op die verslawingsveld, kom kannabis van plante wat algemeen beskryf word as Cannabis sativa, indica en ruderalis. Die twee belangrikste kannabinoïede is kannabidiol (KBD) en tetrahidrokannabinol (THK). THK is die belangrikste psigo-aktiewe chemiese stof wat verswakte oordeel, bedwelming en psigotiese simptome kan veroorsaak. KBD veroorsaak nie die "hoë gevoel" of bedwelming van THK nie, en gesuiwerde farmaseutiese KBD het voordele getoon vir sekere epilepsiesintome, volgens Dannatt.

Dr Lize Weich, 'n psigiater by Stikland-hospitaal en senior dosent aan die Universiteit Stellenbosch se departement van psigiatrie, waarsku oor die verband tussen dagga en psigoses.

Psigose is 'n toestand waarin 'n persoon kontak met die werklikheid verloor, byvoorbeeld deur stemme te hoor of oortuigings te ontwikkel wat nie met die werklikheid ooreenstem nie.

"Navorsing het 'n duidelike verband tussen kannabisgebruik en 'n verhoogde risiko vir psigotiese versteurings, insluitend skisofrenie, gevind. Die risiko blyk hoër te wees by mense wat op 'n jong ouderdom met kannabisgebruik begin, daagliks kannabis gebruik, produkte met 'n hoë THK-konsentrasie gebruik, of 'n persoonlike of familiegeskiedenis van psigose het. Dit beteken nie dat almal wat kannabis gebruik psigose sal ontwikkel nie. Altesame 8 tot 14% van skisofreniegevalle kan voorkom word indien kannabisgebruik uitgeskakel sou kon word," volgens Weich.

Kannabisgebruik word ook met

depressie, angs en selfmoordgedagtes verbind, veral onder jongmense.

Die bewyse is egter minder afdoende oor die mate waarin kannabis hierdie probleme direk veroorsaak, aangesien mense wat reeds emosionele probleme ervaar ook meer geneig kan wees om kannabis te gebruik, sê Weich.

Kan dagga vir iets werk?

Navorsing oor medisinale kannabis is aansienlik meer beperk as waarvan die algemene publiek bewus is, volgens Weich.

Die meeste navorsing bestaan uit klein studies. Gevolglik is daar nog nie voldoende bewyse oor die veiligheid en doeltreffendheid van langtermyngebruik van kannabis nie.

"Daarbenewens is farmaseutiese produkte wat kannabinoïede bevat nie dieselfde as kruie-kannabis nie. Die meeste navorsing is gedoen op farmaseutiese kannabinoïede en nie op kruie-kannabis nie. Ons moet ook nie ontspanningsgebruik van kannabis met die medisinale gebruik daarvan verwar nie," maan Weich.

"Desondanks is daar wydverspreide gebruik van kruie-kannabis en kannabisolies vir medisinale doeleindes. Dit gebeur dikwels op aanbeveling van iemand sonder mediese kennis, op grond van hoorsê of weens onakkurate inligting wat op sosiale media versprei word," maan Weich.

Die gebruik van kannabis is egter nie sonder risiko's nie. Medisinale kannabis word ook dikwels gestaak weens newe-effekte, soos geheue- en konsentrasieprobleme, sedasie, duiseligheid of psigiatriese simptome by kwesbare individue. Dit kan onder meer angs, paranoia en psigotiese simptome insluit.

Moontlike mediese indikasies vir die gebruik van kannabis sluit volgens Weich die volgende in:

1. Chroniese neuropatiese pyn: Studies het egter bevind dat die voordele baie beperk is en dat newe-effekte algemeen voorkom.

2. Erge naarheid en braking as gevolg van chemoterapie wat nie op gewone behandeling reageer nie: In sulke gevalle kan Dronabinol en Nabilone, wat farmaseutiese kannabinoïedprodukte is, gebruik word.

3. Spastisiteit wat met veelvuldige sklerose verband hou: Nabiximols, nog 'n farmaseutiese kannabinoïedprodukt, kan hiervoor gebruik word.

4. Sekere vorme van behandelingsweerstandige epilepsie. Dit sluit spesifieke epilepsiesindrome soos Lennox-Gastaut-sindroom in.

Daar is tans nie voldoende wetenskaplike bewyse om die gebruik van kannabis vir enige geestesgesondheidsaanduidings, soos angs, depressie of posttraumatiese stresversteuring (PTSV), te ondersteun nie.

Daar is ook geen bewyse dat dit die uitkomste van kankerbehandeling kan verbeter nie, beklemtoon Weich.

Verslawend of nie

"Amerikaanse beramings dui daarop dat sowat drie uit elke tien mense wat kannabis gebruik, in 'n stadium kannabisgebruiksversteuring (middelafhanklikheid, Engels: cannabis use disorder) ontwikkel. Dit beteken nie dat almal van hierdie individue 'n ernstige verslawing ontwikkel nie. Die versteuring wissel van lig tot ernstig," volgens Weich.

Skadelik, onskadelik en regulering

Dit is volgens Weich belangrik om te verstaan dat 'n chemiese stof nie noodwendig veilig is bloot omdat dit natuurlik voorkom nie. Die uitwerking daarvan hang af van die dosis, konsentrasie, toedieningsroete en die individu wat dit gebruik.

THK is die belangrikste bestanddeel wat vir die bedwelmende effek en baie van die bekende psigiatriese risiko's verantwoordelik is.

KBD het 'n ander profiel en het nie dieselfde bedwelmende uitwerking nie. Die probleem is dat kommersieel beskikbare KBD nie deur SAHPRA, die medisynebeheerowerheid, gereguleer word nie en nie voldoen aan die Departement van Gesondheid se regulasies oor hoeveel KBD en THK in produkte wat as KBD verkoop word, toegelaat word nie.

Die samestelling van kommersiële kannabisprodukte is nie altyd betroubaar nie.

"In 'n onlangse studie waarby ek betrokke was en waarin nege monsters getoets is, het slegs twee aan die regulasies voldoen. Een monster het THK-konsentrasies bevat wat 22 keer hoër was as die toegelate vlak, en twee monsters wat as THK-vry gemerk was, het wel THK bevat," het Weich gewaarsku.

Raad oor dagga

Mense moet volgens Weich nie die wettiging of dekriminalisering van kannabis interpreteer as bewys dat dit veilig is nie.

"Ek sal veral kinders en adolessente afraai om kannabis te gebruik, gegewe hulle kwesbaarheid vir die uitwerking daarvan op breinontwikkeling en geestesgesondheid," maan Weich.

"Ek sal mense ook afraai om kannabis as 'n vorm van selfmedikasie vir angs, depressie of slaapprobleme te gebruik. Hoewel iemand aanvanklik verligting kan ervaar, beteken dit nie noodwendig dat die onderliggende probleem behandel word nie. Gereelde gebruik kan tot afhanklikheid lei en verdere probleme veroorsaak."

'n Teologiese perspektief

Ds Nelis Janse van Rensburg, voormalige moderator van die algemene sinode van die NG Kerk, sê ondanks die feit dat die Konstitusionele Hof ruimte geskep het vir die gebruik van dagga maak dit die gebruik daarvan nie noodwendig vanuit 'n Christelike perspektief aanvaarbaar nie.

"Vir Christene is daar 'n verdere vraag naamlik watter soort lewe Christus van hulle verwag. Die vraag is dan: Kan die gebruik van dagga versoen word met 'n lewe van navolging van Christus?" sê Janse van Rensburg.

Hy verduidelik voorts die uitgangspunt vir die leef van 'n Christelike lewe is nie dat daar wette gemaak word vir alles wat mag en nie mag nie. Wette is dikwels soos stomp voorwerpe wat nie die genuanseerdheid van die lewe verreken nie. Die oortuiging dat ons 'n eenvoudige reël kan neerlê wat alle mense en alle omstandighede op dieselfde manier beoordeel, staan bekend as wettisisme. Daarteenoor staan individualisme: die oortuiging dat my persoonlike vryheid die enigste oorweging is wat saak maak.

"In plaas van 'n wettiese óf individualistiese benadering te volg, vra Christene eerder op watter manier Christus se volgelinge floreer. In Johannes 10 vers 10 sê Jesus immers Hy het gekom sodat hulle (sy skape wat Hy beskerm) lewe kan hê en dit in oorvloed.

"Dit beteken nie dat Hy altyd alles moontlik vir mense oorvloedig wil gee nie, maar dat Hy wil hê dat mense sal floreer en dus die beste weergawe van sy droom vir mense sal wees. Dan is die vraag of dagga mense kan help om te floreer.

"Paulus skryf in 1 Korintiërs 6:12: '"Alles is my geoorloof', maar nie alles is voordelig nie. 'Alles is my geoorloof', maar ek sal my deur niks laat oorheers nie." Mense floreer nie net omdat hulle die vermoë het om te doen wat hulle wil nie; dit is ook die vermoë om nie 'n slaaf van begeertes of gewoontes te word nie wat mense laat floreer," voeg Janse van Rensburg by.

Hy meen dat verslawing aan middels dus nie gelowiges help om te floreer nie.

Janse van Rensburg sê mense floreer beslis ook nie wanneer hulle iets gebruik wat hulle vermoë om helder te dink of hulle oordeelsvermoë, of reaksietyd of onderskeidingsvermoë inkort nie, of selfs net die risiko loop om dit te doen nie. Dit is nie 'n aanduiding van die geluk wat navolgers van Jesus nastreef nie.

Navolgers van Christus floreer ook nie wanneer hulle enigiets doen wat ander mense se lewe in gevaar stel nie. Hulle verantwoordelikheidsbesef as rentmeesters van hulle én ander se liggaam, gawes en goed verhoed dat hulle nie hulleself of ander blootstel aan skadelike praktyke of risikos nie, verduidelik hy.

Die moontlikheid dat hulle gemanipuleer of hulle getuienis gekompromiteer kan word wanneer hulle onder die invloed van enige middel of substans is, laat vir Christene genoeg rooiligte aangaan om daarvoor nee te sê.

Prof Danie Veldsman, emeritusprofessor in praktiese teologie aan die Universiteit van Pretoria, sê die feit dat die konstitusionele hof dagga gedekriminaliseer het, beteken nie dat die gebruik daarvan skielik veilig is nie. "Daar skort niks met 'n bul nie, en ook nie iets met 'n glaswinkel nie. Maar 'n bul in 'n glaswinkel is nie goed nie, en so is dit met dagga.

"Die gebruik van dagga is na my oordeel 'n slegte ding om te doen, dis ongesond en hou slegte risiko's in. In 'n geloofskonteks moet mense aangemoedig word om dit nie te gebruik nie. Hulle moet opgelei word oor die skadelikheid en nagevolge daarvan.

"In 'n verhouding met God moet ons lewensfokus die goeie wees, dit wat iets van ons geestesgesondheid kan bewerkstellig. En ons moet wegbly van kortpaaie na goed wat vir ons skadelik is," het Veldsman gesê.

> **Navorsing oor medisinale kannabis is aansienlik meer beperk as waarvan die algemene publiek bewus is.**

Fanie Heyns is 'n vryskutjoernalis.

NG KERK PLETTENBERGBAAI

VAKATURE: MEDELERAAR

Die kerkraad van die NG gemeente van Plettenbergbaai wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir die bogenoemde pos.

Gemeenteprofiel:
Een van die leraars van die gemeente emeriteer op 31 JANUARIE 2027. Die gemeente het besluit om die gevolglike vakature te vul.

Die NGK Plettenbergbaai bestaan uit ’n tweekopgemeente met vier bedieningspunte wat insluit die buitewyke van Nature’s Valley en Harkerville. Twee gevestigde wyke, in Wittedrift en Plettenbergbaai, dien as ankers vir die bedieningsareas. Wittedrift is sowat 13 km buite Plettenbergbaai geleë. Hierdie vakante pos is meer gefokus op die Wittedriftwyk.

Die gemeente het 600 lidmate met sowat 250 gereelde kerkgangers. Die kerkbywoning is eweredig verdeel tussen die twee ankerwyke en weerspieël ’n diverse gemeente wat verskeie generasies oorbrug. Alhoewel ’n aansienlike gedeelte van die gemeente afgetredenes insluit, wat ons pragtige omgewing hulle laaste tuiste kom maak het, is jeugbediening steeds van kardinale belang.

Ons verwelkom almal wat in die naam van ons Here byeen wil kom by ons gemeente.

Leraarsprofiel
Die suksesvolle kandidaat is ’n emosioneel volwasse persoon met ’n sterk roeping en wat passievol in die bediening van die Woord staan. Die kerkraad verkies ’n leraar tussen die ouderdomme van 40 en 55 jaar. Tien of meer jare gemeente-ondervinding sal die kandidaat tot voordeel strek.

Die suksesvolle kandidaat moet sterk interpersoonlike vaardighede besit om die diverse demografie van ons gemeente te bedien.
Gereelde huisbesoeke met pastorale bystand is integrale pligte wat van ons leraars verwag word.

Ons vereis dat die posbekleër Woordgetroue geïnspireerde en goed voorbereide preke lewer in ooreenstemming met die reformatoriese en belydenisleerstellings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die vermoë om teologiese en spirituele leiding te gee in die aanspreek van kontemporêre kwessies, is noodsaaklik. Dus is sorgvuldige teologiese, hermeneutiese en eksegetiese interpretasie met die bediening van die Woord belangrik.

Pligte: Soos hierbo uiteengesit tesame met Artikel 9 soos in die Kerkorde beskryf.

Vergoeding: Vergoeding sal volgens sinodale riglyne bepaal word.
Behuising in ’n pastorie is beskikbaar wat direk langs die kerkgebou in Wittedrift geleë is

Aansoeke:
Belangstellende gelegitimeerde leraars wat genomineer word of aansoek doen sal die volgende stuur aan die skriba:

1. Omvattende CV (ongeveer vyf bladsye), wat bedieningsvoorkeure, spiritualiteit, persoonlikheidseienskappe en bedieningservaring beskryf.
2. Name en kontakbesonderhede van ten minste drie referente
3. Deur ’n aansoek in te dien, gee die kandidaat toestemming aan die kerkraad van NGK Plettenbergbaai om van die inligting in die CV volgens die bepalings van die POPIA-wetgewing aan te wend. Alle inligting sal andersins vertroulik hanteer word. Die beroepingskommissie behou die reg voor om onafhanklik inligting oor die aansoeker in te win.
4. Kandidate wat die kortlys haal, moet bereid wees om ’n onderhoud te voer.
5. **Sluitingsdatum: 14 Desember 2026.**
6. Stuur aansoeke aan: Die skriba per e-pos: ngplett@mweb.co.za

Diensaanvaarding: Ons be-oog om ’n aanstelling vanaf 5 April 2027 te maak.

Navrae:
Die skriba – mev Mossie Botes – 044 533 3525 of 072 376 1596.
Die voorsitter – Ds Nico Weeber – 082 922 4650.
Webtuiste – www.ngkerkplett.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om geen **aanstelling** uit die aansoeke te maak nie*

Die volgende Kerkbode verskyn op
11 Desember 2026

Terug na die toekoms

Een liggaam en een Gees

JOHAN VAN DER MERWE

“Een liggaam en een Gees.” Dit is die woorde wat op die amptelike seël van die NG Kerk voorkom. Dit is vanjaar sestig jaar gelede tydens die Algemene Sinode van 1966 dat daar besluit is om ’n amptelike seël vir die kerk te laat ontwerp.

Opdrag is aan dr C Pama, bekende heraldikus van Kaapstad, gegee om die seël te ontwerp. Prof Flip van der Watt verduidelik Pama se keuse soos volg: “Die organisatoriese kerkvereniging van 1962 het Pama laat besluit op die woorde in Efesiërs 4:4 as die kortste teks en beste vertolking van die nuwe kerklike toestand.” Hierdie woorde verskyn saam met die naam: Nederduitse Gereformeerde Kerk, geskei deur twee klein kruisies as die randskrif op die seël. Die sewe-armige kandelaar simboliseer die eenheid van die kerk en dit rus op ’n duif wat simbolies is van die feit dat die kerk haar voedingsbodem in die Heilige Gees vind. Die duif is ’n afbeelding van die duif op die Hugenotekruis wat erkenning gee aan die besondere rol wat die Hugenote in die geskiedenis van die NG Kerk gespeel het.

Die belangrikheid van ’n kerkseël gaan natuurlik veel verder terug as 1966 en die geskiedenis van die NG Kerk. Kort na die Reformasie het die behoefte ontstaan om amptelike dokumente van kerke en gemeentes met erkenningstekens te waarmerk. Die gebruik is oorgedra na die Nederlandse kerke en so natuurlik ook na die kerk in die Kaap.

Die seëls was meestal eenvoudig met voorstellings wat verwys het na Christus, ’n Bybelteks of die sakramente. ’n Randskrif wat maklik verstaanbaar was, het deel van die seël uitgemaak. Daarom is die randskrif nie in Latyn geskryf nie! Die geskiedenis maak dit duidelik dat hierdie seëls daarom veel meer was as ’n kerk se “logo”. Dit het die belydenis en die getuienis van die kerk of gemeente gesimboliseer en verwoord.

So verstaan, kan ’n mens tereg vra wat die seël van die NG Kerk na sestig jaar vir die kerk beteken? Die antwoord op die vraag is eenvoudig: Miskien is die simboliek en die randskrif van die seël van die NG Kerk in 2026 belangriker as ooit vantevore. Miskien vertel dit die verhaal van die kerk se geskiedenis, maar bied dit ook ’n uitdaging aan die kerk van die hede. Die seël simboliseer nie net die eenwording van die kerk in 1962 nie, maar daag die kerk ook uit om die eenheid te koester en te bewaar.

Mag elke brief en elke e-pos wat hierdie seël dra lidmate en kerkleiers daarom herinner en opnuut uitdaag om uit die voedingsbodem van die Heilige Gees te leef sodat die eenheid van die NG Kerk ononderhandelbaar sal bly.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is ’n voormalige aktuarius van die NG Kerk.

Verstaan die Nuwe Testament

Die noodsaak van krip en kruis

MARIUS NEL

In Advent sou ’n mens kon vra of die Jesus in die krip werklik belangrik is. Is die kruis nie genoeg vir ons versoening met God nie? Kon Jesus nie met sy eerste koms gekom het soos met sy tweede nie, op ’n wolk sodat elke oog Hom kon sien, eerder as in ’n krip sonder koördinate?

Nie as ’n volwasse man soos met sy doop nie, maar soos Johannes Hom op Patmos gesien het: met oë soos ’n vuurvlam en ’n stem soos die gedruis van baie waters.

Sou dit nie almal tot geloof gedwing het nie? Sou dit nie ’n beter weg gewees het as Maria se skoot en Josef se werkswinkel nie? Die Nuwe Testament getuig van die teendeel.

Toe Johannes die verheerlikte Christus sien, het hy soos ’n dooie voor sy voete neergeval (Openbaring 1:17). Paulus was na sy visioen drie dae lank blind. ’n Christus wat net in heerlikheid kom, sou God nie nader gebring het nie, maar eerder die afstand tussen ons en Hom vergroot het. Mense sou op hulle gesig lê eerder as om saam met Hom aan tafel te sit. Geen siek vrou sou die soom van sy kleed aanraak nie. Geen kinders sou op sy skoot klim nie. Daar is ook ’n dieper teologiese probleem. As Jesus nie ons menswees volledig aangeneem het deur sy geboorte, kinderjare, honger, moegheid, versoeking en sterwe nie, sou dié dele van ons lewe onaangeraak deur Hom gebly het. Hebreërs 2:17 sê Hy moes in elke opsig aan ons, sy familie, gelyk word om ’n barmhartige Hoëpriester te wees.

’n Glorieryke verskyning sou ons verwonderd gelaat het, maar Hy sou nie ons broer kon wees nie (Hebreërs 2:11). Die Christus aan die regterhand van God het egter sowel die krip as die kruis deurgemaak. Sy verheerlikte liggaam dra steeds die merke van die spykers. Hy is juis verheerlik vanweë sy lotsverbondenheid met ons menswees.

Daarom is Advent en Kersfees nie bloot ’n sentimentele aanloop tot die eintlike evangelie van sy kruisiging en opstanding nie. Dit ís die evangelie. Die Seun van God het nie bloot uit die hemel gebulder nie. Of gekom as ’n verblindende lig nie. Hy het na ons gekom as ’n kind wat Maria kon vashou en voed. Danksy sy krip en kruis kan Hy ons vandag as ons broer en Hoëpriester vashou.

Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en is die assessor van die Wes-Kaapse Sinode.

NG GEMEENTE LYTTELTON

POSBENAMING: FASILITEITSBESTUURDER

POSBESKRYWING: Om binne die gemeente se visie en waardestelsel deel van die personeelspan te word, met spesifieke opdrag van uitmuntende dienslewering deur die verhuring, onderhoud en instandhouding van kerk-, saal-, kantoorkompleks, woonstelle, kommune en hulle onderskeie terreine van die NG Kerk: Lyttelton Moedergemeente.

PRIMÊRE UITSETTE VAN DIE POS:
- Die effektiewe bemarking en verhuring van die gemeentefasiliteite insluitend kontrakonderhandelings en administrasie.
- Die effektiewe en doeltreffende toesighouding oor algemene werkers, skoonmaak, versorging en onderhoud van alle fasiliteite en hulle terreine.
- Verantwoordelik vir die aankope en beheer oor die gebruik van skoonmaakmiddels en ander verbruiksvoorraad.
- Die kostedoeltreffende beheer en kontrolering van die gemeente se toerusting en die administrasie daarvan.
- Die effektiewe bestuur van die beveiliging en sekuriteit van die gemeentekomplekse en -terreine.
- Doeltreffende toesighouding, bestuur en instandhouding van gemeente-eiendomme, ingesluit kerkgebou, muur van herinnering, kantoor- en saalgeboue, skool, woonstelle, kommune, parkeerarea, ontspanningsgebied, tuine ens.
- Effektiewe tydsbestuur met betrekking tot aktiwiteite in en om die kerk.
- Die verrigting van roetine kantoorwerk tydens kantoorpersoneel se jaarlikse verlof en tydelike afwesigheid.
- Effektiewe en akkurate administrasie en verslag aan diensraad.
- Die uitvoering van alternatiewe funksies en verantwoordelikhede soos ooreengekom.
- Enige ander redelike versoeke en of take soos van tyd tot tyd nodig geag mag word.

POSBEKLEËR PROFIEL:
- Persoon moet ’n belydende Christen en aktiewe lidmaat van ’n gemeente wees of na aanstelling ’n aktiewe lidmaat van die gemeente word.
- Aftree-ouderdom word op 65 jaar vasgestel.
- Moet goeie kommunikasie en menseverhoudings kan handhaaf en aanvoeling hê vir openbare skakeling.
- Moet in spanverband met ander personeel kan saamwerk.
- Moet akkuraat werk met gerigtheid op besonderhede en vermoë om te beplan, skeduleer en af te handel in die korste moontlike tyd.
- Moet beskik oor goeie administratiewe vaardighede.
- Moet rekenaarvaardig wees met kennis oor programme soos MS Office, e-pos, internet.
- Moet bevoeg wees op sosiale media om bemarking en advertensies te kan behartig.
- Moet beskik oor geldige rybewys en eie vervoer.
- Moet bevoeg en fisies daartoe in staat wees om die werk, wat fisiese aktiwiteite insluit, te verrig. ’n Goeie kennis van instandhoudingswerk, loodgietery, tuinbou en sekuriteit sal tot voordeel wees.
- Moet bereid wees om take self af te handel en om gebruik van kontrakteurs tot die minimum te beperk.

AARD EN TERMYN VAN AANSTELLING:
- Voldag posisie met werksure vanaf 08:00 tot 16:00.
- Vastetermynaanstelling van drie jaar. Suksesvolle kandidaat sal na ’n proeftydperk van drie maande ge-evalueer word vir moontlike permanente aanstelling van drie jaar.

VERGOEDINGSPAKKET: ’n Totale koste van Indiensneming (TKVI) pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

DATUM VAN INDIENSNEMING: So spoedig moontlik maar sal met suksesvolle kandidaat onderhandel word.

AANSOEKE:
Voltooide aansoekvorm moet tesame met kort CV by die kerkkantoor of via e-pos ingedien word voor of op **11 Januarie 2027.**
E-pos: kantoor@nglyttelton.org.za Tel: 012-664 4725.

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG MOEDERGEMEENTE LADYBRAND

VAKATURE: VASTETERMYNPOS

Die kerkraad van Ladybrand Moedergemeente adverteer met groot afwagting die leraarspos by ons gemeente.

GEMEENTEPROFIEL:
Die NG Moedergemeente Ladybrand is ’n plattelandse gemeente, geleë in die Suidoos-Vrystaat teen die Lesothogrens. Ladybrand is ongeveer 130 km vanaf Bloemfontein en 160 km vanaf Bethlehem. Die gemeente bestaan uit 383 belydende lidmate en 107 dooplidmate. Die gemeente se samestelling is multikultureel.

Ons is opsoek na iemand wat die volgende eienskappe het:
- ’n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig het.
- Mooi menseverhoudinge kan bou en alle mense met respek en liefde kan hanteer.
- Meelewend kan wees in ’n plattelandse gemeenskap met sy besonderse uitdagings.
- Die gereformeerde belydenisgrondslag onderskryf.

WERKSPROFIEL:
- Artikel 9 van die Kerkorde sal dien as raamwerk vir al die verantwoordelikhede.
- Die persoon moet in ’n span kan saamwerk en verkieslik betrokke raak in die breë gemeenskap.
- Dinamies en aktuele prediking wat Skrifgetrou is kan aanbied.
- Pastorale ondersteuning aan die gemeente en gemeenskap kan bied.

Wat is vir ons belangrik:
1. Ons gebruik tans nog ’n orrel en sing Liedboek, Flam en Vonkk-liedere. Dit word ondersteun deur ’n musiekspan wat dien as voorsangers.
2. Die Lidia-tehuis vir bejaardes en Die Gedenk-Kinderhuis is ook deel van ons gemeente en moet ook besoek en bedien word.
3. Die gemeenskap van Mauersnek maak ook deel uit van ons gemeente .
4. Alle aansoeke is welkom maar ons sal voorkeur gee aan ’n jonger persoon.

VERGOEDING:
- Volledige pakket is onderhandelbaar met die sinodale skale as riglyn.
- ’n Pastorie OF verblyf toelaag is beskikbaar.

AANSOEKE:
Aansoeke moet vergesel word van ’n volledige CV en kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings. Alle gelegitimeerde leraars asook persone wat binne die volgende drie maade gelegitimeer word, is welkom om aansoek te doen. Aansoeke sal vertroulik hanteer word.
E-pos: kerk@ngmoeder.com

SLUITINGSDATUM: 20 Januarie 2027.

DIENSAANVAARDING: 1 Mei 2027.

NAVRAE:
Voorsitter van die kerkraad: Carel Fourie 083 279 1664.
Leraar: Dr Danie Kleynhans 083 305 2058.
Kerkkantoor: Anél Langley 084 589 5258.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Boeke Vir die Kerskous



R170

Jy IS 'n ma duisend

Geskryf deur ma's vir ma's, om hulle te bemoedig en hulle te herinner dat God elke oomblik by hulle is, in tye van chaos én in tye van vrede.



R280

Genesing vir elke vrou

Joyce neem jou op 'n 90-dae-reis om jou te bemoedig deur die lewe se struikelblokke heen om jou ware lewensdoel te bereik.



R270

Goed genoeg


Baie vroue is vasgevang in die leuen dat hulle nie goed genoeg is nie. Gerridene Berg wil hulle help sodat hulle hul roeping met oorwinning kan uitleef.



R290

Uit die Beek 2027

Vir generasies lank vind gelowiges geestelike leiding en inspirasie in *Uit die Beek*. Vanjaar is die tweede jaar in hierdie vier-jaar-reis deur die Bybel.



R350

Herontdek jou selfvertroue

Voormalige Mej Wêreld Rolene Strauss se boek is 'n onontbeerlike gids vir vroue wat soek na die moed en vertroue om hul drome vreesloos na te jaag.



R250

Ontdek God se wil vir jou lewe

Joyce nooi jou uit om saam met haar te reis na vertroue, vryheid en vrede in die wete dat jy die pad loop wat God vir jou bestem het.



R250

My eerste speel-en-leer-Bybel

Kinders ontdek 100 van die mooiste stories in die Bybel en ontmoet 50 bekende Bybelmense van Genesis tot Openbaring terwyl hulle die prettige aktiwiteite geniet.



R250

My eerste Storie-Bybel vol diere

66 dierestories in die Bybel, een uit elke Bybelboek, word só oorvertel dat kinders dit maklik sal kan verstaan en onthou en hierdie stories 'n vlam van liefde vir Jesus in hulle harte kan aansteek.



R250

My eerste ABC-Bybel vol letters

52 van die bekendste stories in die Bybel word só oorvertel dat kinders dit maklik sal kan verstaan en onthou. Hulle sal ook ontdek hoe lief Jesus vir hulle is en die ABC op 'n prettige manier leer ken.

BM BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**



Bestel gedrukte Kerkbode vir 2027.
Bestel vandag nog.

Kontak ons:
Intekenaar-bestuurder:
Viona Ross
E-pos:
viona@tydskrifte.co.za
WhatsApp:
073 300 8731
Tel: 021 864 8278

NG GEMEENTE CORNELIA

VAKATURE: LERAARSPOS

Die kerkraad van die NG Gemeente Cornelia gee kennis dat ’n vakature sal ontstaan op 1 April 2027 wanneer die huidige leraar DV sal emeriteer. Ons verneem graag of daar leraars of proponente is wat sal belangstel om die pos te vul. Die kerkraad begin vroegtydig met die proses sodat deeglike voorbereiding vir die vul van die vakature gedoen kan word.

Gemeenteprofiel:
Cornelia is ’n klein plattelandse gemeente in die Noord-Oos-Vrystaat met 93 belydende lidmate en 38 dooplidmate. Die gemeente bestaan reeds 105 jaar. Die meeste lidmate woon op plase en slegs enkeles op die dorp.
Die naaste skole is op die buurdorpe Vrede, Frankfort en Villiers – al drie minder as 45 km van Cornelia af. Daar is ’n moontlikheid van daaglikse vervoer na een van die skole toe.

Leraarsprofiel:
- Die aansoeker moet ’n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wees wat in ’n innige verhouding met die Here leef.
- Die aansoeker moet geheg wees aan die gereformeerde leer en die belydenisskrifte van die kerk.
- Die gemeente stel suiwer Woordverkondiging hoog op prys.
- Die beroepene moet tuis kan voel in die klein platteland en persoonlike kontak en meelewing met die gemeenskap is vir ons baie belangrik.
- Huisbesoek en ander pastorale besoeke is vir die gemeente ononderhandelbaar.
- Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die diensooreenkoms.

Vergoedingspakket:
- Die aard van die pos sowel as die vergoedingspakket is onderhandelbaar.
- ’n Goed toegeruste pastorie op die kerkterrein is beskikbaar en inwoning is vir ons belangrik.

Aansoeke:
Slegs elektroniese aansoeke wat die volgende insluit:
- CV van nie meer as drie bladsye nie.
- Name en kontakbesonderhede van ten minste twee referente.
- U persoonlike besonderhede.
- **Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Desember 2026.**
- Stuur aansoeke aan: Die skriba NG Kerk Cornelia: ng.cornelia@lantic.net
- Die persone wat die kortlys haal, moet beskikbaar wees vir ’n persoonlike onderhoud en ’n moontlike preekbeurt.

Vir meer inligting en navrae skakel:
Leierouderling: Herman Lourens (082 944 7130).
Saakgelastigde: Maryke Kruger (082 291 8698).

Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig ’n beroep uit te bring uit die aansoeke wat ontvang is nie.

NG GEMEENTE VANZYLSRUS

VASTETERMYN-PREDIKANTSPOS (DRIE JAAR)

Die NG Gemeente Vanzylsrus nooi gelegitimeerde predikante en proponente wat aan die beroepingsvereistes voldoen, om vir die pos aansoek te doen. Emeriti wat steeds met energie en entoesiasme in die bediening wil staan, is ook welkom om aansoek te doen.

Oor die gemeente
Vanzylsrus is ’n klein plattelandse gemeente (90 belydende lidmate en 29 dooplidmate) in die Kalahari. Die gemeente bedien hoofsaaklik ’n boerderygemeenskap. Ten spyte van die grootte van die gemeente is dit ’n veerkragtige en lewenskragtige gemeente met ’n hoë betrokkenheid van lidmate.
Die erediens en maandelikse wyksbyeenkomste staan sentraal in die bediening aan die gemeente. Ons gemeente heg groot waarde aan Skrifgetroue Woordverkondiging, pastorale versorging, persoonlike verhoudings en die betrokkenheid van lidmate.

Die bediening
Ons verlang ’n predikant met ’n duidelike roepingsbesef en ’n omgeehart vir mense wat kan tuis wees binne ’n plattelandse gemeenskap. Dit is vir ons belangrik dat die leraar gemaklik in spanverband met die kerkraad en die gemeente kan saamwerk. Die bedieningsfokus van die leraar word in lyn met KO Art 9 in samewerking met die kerkraad bepaal. Die gemeente sien daarna uit om saam met ’n nuwe leraar ’n nuwe bedieningsfase te betree en die pad met mekaar saam te loop.

Termyn en aanvangsdatum
Die pos is ’n vastetermynpos van drie jaar met die opsie om dit te verleng.
Aanvang: so spoedig moontlik na 1 April 2027.

Vergoedingspakket
Die huidige begrotingsriglyn vir die totale jaarlikse vergoedingspakket is R600 000,00 (totale koste vir indiensneming). Hierdie bedrag is ’n riglyn en nie ’n vaste maksimum nie. Die pakket kan, na gelang van die suksesvolle kandidaat se kwalifikasies, ervaring en omstandighede, asook die gemeente se finansiële vermoë, onderhandel word. Die pakket sal saamgestel en hanteer word ooreenkomstig die toepaslike NG Kerk- en sinodale riglyne. Die gemeente voorsien ook gratis huisvesting aan die aangestelde leraar.

Aansoeke
Belangstellendes word versoek om ’n CV, ’n kort motiveringsbrief en kontakbesonderhede van ten minste drie referente te stuur aan: Die skriba, NG Gemeente Vanzylsrus
E-pos: skriba291@gmail.com

Navrae: Die voorsitter van die kerkraad: mnr Frans Cloete 072 768 2827.

SLUITINGSDATUM: 29 JANUARIE 2027.

Die kerkraad behou die reg om nie noodwendig uit die aansoeke ’n aanstelling te maak nie.

NG BARKLY-WES

Die kerkraad van NG Kerk Barkly-Wes wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Sluitingsdatum: 31 Julie 2026.

Gemeenteprofiel: Die NG Kerk Barkly-Wes is deel van Griekwastad ring en is geleë ongeveer 35 km buite Kimberley. Die gemeente bestaan uit twee bedieningspunte nl Barkly-Wes en Smithsmyn (elke tweede Sondag). Gemeentelidmaat getal is ongeveer 235.
Caritas Jannie Roux kinderhuis is vir baie jare deel van Barkly-Wes gemeente en sy kinders skakel by ons in waar hulle dan deel uitmaak van ons bediening.

Leraarsprofiel: Die gemeente wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir ’n leraar wat aan die volgende profiel sal voldoen:
Pligte:
- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Wat ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk is.
- Wat die Skrif as die onfeilbare Woord van God aanvaar.
- Wat die bediening op die platteland en boeregemeenskap as ’n roeping sal aanvaar.
- Wat die eredienste op ’n dinamiese, kreatiewe en vernuwende wyse inrig.

Vergoeding en voordele:
- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
- Met byvoordele soos per sinode vereistes.

Aansoek: Stuur aansoeke na die skriba per e-pos: ngkerkbw@outlook.com.
Aansoek moet vergesel word van:
1. Opgedateerde CV (maksimum drie bladsye).
2. Kontakbesonderhede van ten minste drie onlangse referente.
3. ’n Kort motivieringsbrief (300 woorde) wat die aansoek met betrekking tot die gemeentebediening ondersteun.

Kandidate wat oorweeg word, sal genooi word vir ’n preekbeurt en onderhoud.

Diensaanvaarding: 1 Nov 2026 of so spoedig moontlik.

Navrae:
James Smit, voorsitter kerkraad (073 911 8167), Nelie Vorster, skriba (073 237 4655).

Die gemeentebedienings kommissie behou die reg voor om op eie inisiatief ook inligting aangaande die aansoeker in te win vir oorweging.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG BOKSBURG-WES

VAKATURE: ORRELIS

Sluitingsdatum: 30 November 2026.

Ons gemeente, NG Kerk Boksburg-Wes, is dringend op soek na ’n orrelis wat ons kan bystaan met die musiekbediening in ons gemeente.

Ons is op soek na iemand wat verkieslik elke Sondag tydens ons erediens die orrel kan bespeel en ook bereid sal wees om betrokke te raak by en leiding te gee aan ons sanggroep.

Ons is ’n warm, omgeegemeente waar ons musiek en sang as ’n belangrike deel van ons aanbidding beskou.

Indien jy belangstel, of iemand ken wat moontlik in hierdie pos belangstel, sal ons dit baie waardeer indien u ons kan kontak.
Ons sal enige hulp en verwysings opreg waardeer.

Kontak besonderhede:
Kerkkantoor: 087 183 6960. Gemeentebestuurder, Annetjie van der Berg: 083 759 9431.

NG GEMEENTE BETHLEHEM-PANORAMA

VAKATURE: LERAARSPOS

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Bethlehem-Panorama stel in biddende afhanklikheid van die Here die vakature van voltydse leraar aan gelegitimeerdes van die NG Kerk, met volle ampsbevoegdhede, bekend.

Gemeenteprofiel: Bethlehem-Panorama gemeente is geleë in die hart van die skilderagtige Oos-Vrystaat met ’n lidmaattal van 593 lidmate (146 doop- en 447 belydende lidmate). Bethlehem spog met van die tophoër- en -laerskole in die Vrystaat, en met uitgebreide mediese geriewe om gemoedsrus te verseker.

Ons het dit ten doel om ’n geestelike tuiste en veilige hawe vir gelowiges te bied.
Die leuse van ons gemeente is: ’n liefdevolle geloofsfamilie. Om hierdie strewe verder na buite te kan uitleef, is ons op soek na ’n kreatiewe, dinamiese leier om aan die stuur van ons gemeente se groei en uitbou te staan.

Leraarsprofiel: Ons wil jou uitnooi om by ons aan te sluit op ons reis saam met God. Wat ons as gemeente van voornemende aansoekers verwag:
- Skrifgetroue verkondiging van die Woord van God Drie-enig in pas met die evangelie soos deur Jesus aan ons gedemonstreer.
- ’n Leer en lewe wat getuig van ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus as sy/haar Verlosser.
- ’n Liefde vir die skepping, ’n hart vir ouerwordende lidmate en ‘n passie vir die leer en onderrig van ons jongmense en kinders.
- Iemand wat hom/haar vereenselwig met die teologiese uitgangspunte van die NG Kerk.
- Iemand wat die normale verantwoordelikhede van die Kerk, soos in Artikel 9 van die Kerkorde vervat, nakom.
- ’n Omvattende begrip van die uitdagings wat gemeentes in die gesig staar en die vermoë om ’n gemeente daardeur te stuur.

Kritiese vereistes vir hierdie rol:
- In staat om oud en jonk tuis, gemaklik en veilig te laat voel.
- Erns te maak met sy/haar gesin, ons gemeente, gemeenskap en kerkvervreemdes.
- Uitstekende kennis en suiwer verkondiging van die Woord.
- Die vermoë om binne formele en informele erediensstyl te kan optree.
- Kreatiewe benadering tot gemeente, aanbidding en uitreik in die gemeenskap.
- Uitstekende kommunikasievermoë – verbaal en nieverbaal.
- Sterk leiereienskappe.
- Om in spanverband heelhartig met die gemeentebestuur te kan saamwerk.

Belangrike datums:
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 November 2026.
Diensaanvaarding: 1 Maart 2027, of so gou moontlik – soos ooreengekom.

Vergoeding: Dit sal geskied deur middel van ’n pakket wat strook met sinodale riglyne en sluit ook toegang tot ’n ruim pastorie in.

Aansoek en navrae: Enige gelegitimeerde predikante van die NG Kerk met ampsbevoegdhede mag aansoek doen. Tentmakers wat belangstel, is ook welkom.
Om aansoek te doen, kan jy jou CV (met drie onlangse referente) na die kerkkantoor e-pos by: ngkpanoramabhm@gmail.com.
Ons sal jou beter wil leer ken en versoek graag:
- ’n Bekendstellingsvideo, waarin jy jouself met of sonder jou gesin bekendstel en ons vertel waarom jy aansoek doen.
- Indien aanlyn beskikbaar – ’n skakel na een van jou onlangse boodskappe.

Die video en skakel kan per e-pos na Alta Herbst (skriba) by ngkpanoramabhm@gmail.com of per WhatsApp na Pieter Craven (082 388 0299) gestuur word.

Aanvangsonderhoude met kortlyskandidate kan aanlyn gehou word om reiskoste en -tyd te beperk. Daar sal egter van kandidate wat die finale keuringsrondte haal, verwag word om beskikbaar te wees vir ’n preekbeurt en persoonlike gesprek te Bethlehem.
Vir meer inligting kontak gerus vir: Pieter Craven by pieter.craven@gmail.com (082 388 0299) of die kerkkantoor: ngkpanoramabhm@gmail.com, (058 303 4593).
Aansoekers wat nie die finale kortlys haal nie sal per e-pos in kennis gestel word.

Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na
kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos:
helene@bmedia.co.za

Proefleser:
Lambert Jacobs

Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos:
maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
vakatures@tydskrifte.co.za

Medewerker
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

GROOTBRAK TERGNIET
Huis vir ses persone, woonstel vir vier op een erf. See-uitsig. Huis nie beskikbaar vanaf 23 Des tot 4 Jan. Huis en woonstel verder beskikbaar vanaf 1 Nov.
Kontak 073 738 8801.

OUDTSHOORN
THE GATSBY STUDIO
Selfsorg vir twee. Sentraal geleë, volle DStv en veilige parkering.
WhatsApp: 062 012 2694
E-pos:
thegatsbystudio@gmail.com

NG SCHWEIZER-RENEKE-NOORD

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

In biddende afhanklikheid stel die kerkraad die vakature vir voltydse leraar aan alle gelegitimeerdes van die NG Kerk bekend.

GEMEENTEPROFIEL
Die NG gemeente van Schweizer-Reneke-Noord is geleë in die Noordwes-provinsie. Dit vorm deel van die Bloemhof-ring en val binne die Goudland-sinode. Dit is ’n plattelandse gemeente binne ’n boeregemeenskap waar daar hoofsaaklik met beeste en gesaaides geboer word. Hier is ’n goeie laerskool en hoërskool.
Hier praktiseer drie mediese dokters. Buiten die gemeente is daar ook ’n NG Moedergemeente, Hervormde gemeente, AP Kerk en Ligpunt-gemeente. Daar is ook ’n ouetehuis (Silwerjare) binne die grense van die gemeente.

LERAARSPROFIEL:
Die kerkraad nooi enige leraar of proponent wat gelegitimeer is in die NG Kerk met ’n roeping, passie en begrip vir plattelandse bediening, om aansoek te doen vir die pos.

FOKUSAREAS:
Die gemeente streef na lidmaatbemagtiging en betrokkenheid en wil daarom ’n Skrifgegronde liggaamsmodel-gemeente wees, waar elkeen sy en haar gawes uitleef.
- Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die kontrak.
- ’n Passie vir die jeug en omvattende jeugbediening.
- Goeie begrip vir en kommunikasie met alle ouderdomsgroepe.

.
VERGOEDINGSPAKKET:
’n Vergoedingspakket sal volgens sinodale skaal onderhandel word.
Huisvesting is beskikbaar in ’n ruim pastorie.

AANSOEKE:
Aansoeke vergesel van ’n volledige onlangse CV en kontakbesonderhede van drie referente moet gerig word aan:
Per e-pos: ngswrnoord@lantic.net vir aandag: Voorsitter kerkraad.
Kandidate moet beskikbaar wees vir ’n moontlike onderhoud en preekbeurt wat op die koste van die gemeente sal geskied.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:
Aansoeke moet die kerkkantoor bereik voor of op **29 Januarie 2027.**

DIENSAANVAARDING: 1 April 2027.

NAVRAE:
Voorsitter van die kerkraad, Abraham Badenhorst by 082 718 7916.
Brugleraar, ds Ampie Swanevelder by 082 428 4943.

SWARTLAND NG GEMEENTE
Malmesbury

Die kerkraad van Swartland wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: MUSIEKLEIER

Het jy ’n hart vir gemeentelike aanbidding en ’n passie daarvoor om mense deur musiek te help om God te loof?

Swartland NG Moedergemeente is op soek na ’n toegewyde musiekleier om ons musiekspan te lei en uit te bou, en saam met die predikante en ander musiekleiers ons gemeente se sang- en aanbiddingskultuur verder te ontwikkel.

Verantwoordelikhede sluit in:
- Liedkeuse en die beplanning van gemeentelike sang.
- Voorbereiding, begeleiding en ontwikkeling van die musiekspan.
- Beplanning van spesiale musiek, aanbiddingsdienste en die Kerssangdiens.
- Begeleiding van die gemeente wanneer die volle musiekspan nie beskikbaar is nie.

Vaardigheid op klavier, kitaar en/of orrel sal ’n aanbeveling wees.

Aansoeke en navrae:
Hennie Rossouw. E-pos: swartlandgemeente@gmail.com

Sluitingsdatum: 11 Januarie 2027.
Aanvangsdatum: 1 Maart 2027.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor!

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

www.kerkbode.co.za
Die tuiste van betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek.

NG KREMETART

Die kerkraad van NG Kremetart in Polokwane nooi, ingevolge Artikel 9 van die Kerkorde, alle gelegitimeerdes om aansoek te doen, om op jou unieke wyse, ons te help om God se vreugde oor sy gemeente te vermeerder.

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Sluitingsdatum: 31 Januarie 2027.

Iets oor ons gemeente:
NG Kremetart is ’n voorstedelike gemeente in Polokwane, in die Limpopo-provinsie.
Vier “G”s rig ons, naamlik: Geloof, Groei, Gemeente, Gemeenskap met waardes: Deernis, Diensbaarheid, Geregtigheid, Vrede, Liefde en Hoop.
Ons gemeente is ’n gemaklike groep van verskeie ouderdomsgroepe en professies. Ons funksioneer gemoedelik saam en is ’n sosiaal gebalanseerde gemeente – kuiers Sondae na erediens met koppie tee/koffie en jaarlikse unieke lentemark.
Ons lidmate is ’n goeie verspreiding van afgetredenes, professionele, besigheids- en ambagsmense.
Ons ouderdomsprofiel is soos volg: junior jeug (71); senior jeug (36); jong werkendes/studente (49); jong werkendes (131); senior werkendes (131) en pensionarisse (277) – ’n totaal van 695 doop- en belydende lidmate.

Iets oor ons stad:
Polokwane is die hoofstad van Limpopo-provinsie. Dit is ’n pragtige deel van die land in maklike bereiking van berge, klowe, wildparke, jagplase en vakansiebestemmings – bv Die Eiland, Swadini.
Die Krugerwildtuin is naby met maklike toeganklike reise na Zimbabwe en Botswana.
Polokwane se klimaat is heerlik en matig, met somers nie te warm nie, en winters nie te koud of te lank nie.
Naby genoeg aan Pretoria as jy vinnig in die stad wil kuier, met Haenertsburg en Magoebas om die draai vir “tuinroete” ervaring.
Polokwane het goeie laer- en hoërskole, twee goeie privaathospitale en ’n nuwe groot hospitaal in aanbou, ’n hele aantal groot winkelsentrums en ’n lewendige eiendomsmark.
Tans is hier drie NG gemeentes in ons stad, en ons onderlinge samewerking is baie goed.
Ons handhaaf ook goeie bande met alle ander kerke en denominasies.

Wie kan aansoek doen?
- Ons leraar moet oor ’n suiwer gereformeerde teologiese kwalifikasie beskik en hom/haar beywer vir ons verhouding met, en ons liefde vir God, vir mekaar, die gemeenskap en omgewing, en moet dit entoesiasties, verstaanbaar en kreatief in die prediking kan oordra.
- Ons leraar moet ’n liefde hê vir lofprysing soos vervat in ons Liedboek, Vonkk en FLAM.
- Ons leraar moet gemaklik wees om die bediening met jonk en oud te deel, en ons te bemagtig om netwerke van diensbaarheid te vestig.
- Ons leraar moet gemaklik wees met die gebruik van sosiale en multimedia.
- Ons hunker ten diepste na ’n leraar wat sy/haar dissipelskap met uitnemendheid sal nastreef en alle fasette van die bediening sal uitleef.

Ons nooi jou graag om aansoek te doen om die volgende leraar van NG Kremetart te word.

Vergoeding en voordele:
- Volledige pakket is onderhandelbaar met die sinodale skale as riglyn.
- ’n Pastorie of ’n verblyftoelaag is beskikbaar.

Diensaanvaarding: Die pos is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2027.

Aansoek:
- Ons sal jou CV deeglik oorweeg en mag dan besluit om jou vir ’n onderhoud en/of ’n preekbeurt te nooi.
- Stuur gerus jou CV van nie langer nie as drie (3) bladsye na ngkremetart@lantic.net
- Ons sal ook graag die name en kontakbesonderhede van drie referente ontvang.
- Die datum vir diensaanvaarding sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.

Navrae:
- Johan van Huyssteen (voorsitter) 083 445 1949.
- Cielie Theunissen (kantoor) 082 597 6908 / 015 295 8849.

Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig ’n aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang word nie.

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

JEFFREYSBAAI
SANDKASTEEL
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

Ondersteun kerkjoernalistiek via ons donasieplatform:

bybelmedia.co.za/donations/vriende-van-kerkbode/

NG GEMEENTE LORRAINE

VAKATURE: PERMANENTE VOLTYDSE PREDIKANT

Sluitingsdatum: 25 Januarie 2027.

Gemeenteprofiel:
Lorraine-gemeente streef daarna om liefde te leef tot eer van God. Die bedieningsfokus van die gemeente lê by dissipelskap, geestelike groei van alle lidmate, verhoudings bou tot 'n gesonde gemeenskap, sowel as 'n diep bewustheid dat ons geseën word om ander te seën.

Lorraine-gemeente is geleë in 'n groeiende woonbuurt van Port Elizabeth (Gqeberha). Die gemeente bestaan uit 1 516 belydende lidmate en 406 dooplidmate. Die gemeente word deur twee voltydse leraars bedien, waarvan een aan die einde van Augustus 2027 aftree, na 36 bedieningsjare in ons gemeente.

Leraarsprofiel:
Lorraine-gemeente wil graag 'n leraar beroep wat met geloof, wysheid en inisiatief saam met ons wil bou aan 'n lewenskragtige gemeente, waar mense van alle generasies tuis kan voel, geestelik kan groei en deur volgehoue gemeentelike betrokkenheid 'n betekenisvolle verskil in die gemeenskap kan maak.

Enige gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat die volgende roeping het, word uitgenooi om biddend aansoek te doen:
- 'n Duidelike roeping tot die bediening en 'n lewende verhouding met God het.
- Die Woord skrifgetrou, helder en met insig kan verkondig.
- 'n Hart het vir mense en sterk pastorale en kommunikasie vaardighede besit.
- Met wysheid, nederigheid en inisiatief leiding kan gee.
- Gemaklik verskillende ouderdomme en generasies kan bedien.
- Formele en informele erediensstyle met sorg kan hanteer, en ontvanklik is vir vernuwing met respek vir die gemeente se gereformeerde tradisie.
- Musiek en ander kreatiewe middele as deel van die erediensbediening gebruik.
- Ervaring in musiekbediening, multimedia en die begeleiding van gemeentelike vernuwing sal tot 'n kandidaat se voordeel strek.

Verantwoordelikhede:
Die leraar sal die verantwoordelikhede van 'n predikant soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde behartig. Dit sluit onder meer in:
Voorbereiding en leiding van eredienste, prediking en sakramentsbediening; pastorale en herderlike versorging van lidmate; geloofsvorming, Bybelstudie en toerusting van lidmate; behartiging van huwelike, begrafnisse, tuis- en hospitaalbesoeke.
Samewerking met medeleraar, kerkraad en die gemeente aan sterk verhoudings, dissipelskap en volhoubare gemeentelike ontwikkeling.

Vergoeding:
- Salaris: volgens NG Sinodale riglyne
- Byvoordele: huissubside, pensioen, medies, motortoelae, ens sal met die kerkraad onderhandel word.

Aansoek:
Stuur asseblief die volgende na: kiclorraine@gmail.com:
- Volledige CV (maks twee bladsye) met drie onlangse referente.
- 'n Dekbrief (maksimum 500 woorde) waarin verduidelik word waarom aansoek gedoen word vir die vakature.
- Myers Briggs Personality Test: https://www.16personalities.com/free-personality-test moet asb voltooi word en aansoek vergesel.

Neem asb kennis:
- 'n Kortlys van kandidate sal genooi word vir in-persoon of aanlyn onderhoude.
- Daar mag verder van kortlyskandidate verwag word om 'n preekgeleentheid en / of finale onderhoud by te woon in persoon.
- Deur die indiening van 'n CV, gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPI-wetgewing, gebruik kan word vir die keuringsproses.

Diensaanvaarding: 1 Augustus 2027.

Ons glo dat die Here reeds besig is om die regte persoon voor te berei om hierdie roeping te aanvaar. Mag Hy ons lei om die predikant te beroep wat Hy vir Lorraine-gemeente uitgekies het.

Skakel gerus die volgende persone vir verdere navrae:
- Danike Wasserman – 082 927 6226 (pre-advies voorsitter).
- Jordaan Roelofse – 063 406 6035 (pre-advies ondervoorsitter).

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

Hierdie kennisgewings is op 20 November opgedateer.

BEROEP
Dr A (Bertus) Celliers voorheen van Rietfontein na Vryburg-Wes; prop J (Johannette) de Bruin na Doornkloof; prop M (Marike) de la Rey na Soutpansberg; ds V (Van Wyk) Fischer van Silvertonkruin na Lyttelton-Noord; ds JPJ (Jacques) Heymans van Kameeldrif na Pierre van Ryneveld; ds NF (Francois) Jonker van Heidelberg (Gauteng) na Lydenburg-Suid; ds MG (Mart) Leonard van Middelburg-Suid as diensleraar na Middelburg-Karoo; prop T (Tiaan) Pretorius van Saldanha na Kempton-Kruin; ds C (Carl) Schunke van Koedoesrand na Petrusburg; ds SWP (Schalk) Scott van Klerksdorp-Goudkop na Mosselbaai.

AANVAAR
Ds HP (Ronel) Coertzen van Fouriesburg na Rustenburg-Suid; ds MG (Mart) Leonard van Middelburg-Suid as diensleraar na Middelburg-Karoo; ds SE (Edwin) van Wyk van Randpoort na Stad op die Berg (Louis Trichardt).

WES-KAAPLAND

BEROEP
Op die kerkraadsvergadering van 26 Oktober 2026 is ds SWP (Schalk) Scott van NG Klerksdorp-Goudkop beroep na NG Moedergemeente Mosselbaai. (Corné Human, admin- en kommunikasiebeampte: NG Moedergemeente Mosselbaai, 27.10.2026).

OOS-KAAPLAND

BEROEP
Ons gemeenteraad het die volgende persoon beroep na NG Kerk Middelburg-Karoo: ds Marthina Gerthina (Mart) Leonard van NG Gemeente Middelburg-Suid. (Lize Benecke, skriba: NG Kerk Middelburg-Karoo, 10.11.2026).

AANVAAR
Ds Marthina Gerthina (Mart) Leonard van Middelburg-Suid aanvaar die beroep na Middelburg-Karoo. (Lize Benecke, skriba: NG Kerk Middelburg-Karoo, 16.11.2026).

VRYSTAAT

BEROEP
Ek bevestig graag dat ds Carl Schunke met ons kerkraadsvergadering gehou 3 November as leraar beroep is na die NG Kerk Petrusburg. Hy word 'n vastetermyn drie jaar predikantspos aangebied. (Madette Lombaard, skriba: NG Kerk Petrusburg, 10.11.2026).
Die NG Gemeente Vryburg-Wes het emeritus-ds Albertus Celliers op 9 November 2026 beroep in 'n vastetermynpos wat deeltyds gevul word. (Monice Dry, skriba: NG Gemeente Vryburg-Wes, 16.11.2026).

NOORDELIKE

BEROEP
Hiermee wil die kerkkantoor en skriba van NG Gemeente Soutpansberg, in die Ring van Louis Trichardt, graag die goeie nuus met u deel dat ons kerkraad, na afloop van 'n beroepingsvergadering gehou op 03.11.2026, vir proponent Marike de la Rey beroep het. Die vakante leraarspos in ons gemeente is dus hiermee gevul. (Hermari Venter, skriba: NG Gemeente Soutpansberg, 05.11.2026).

BEVESTIGING
Hiermee word kennis gegee dat ds Edwin van Wyk op Saterdag 7 November 2026 bevestig is as medeleraar van die NG Gemeente Louis Trichardt Moedergemeente (Stad op die Berg). Sy intreepreek het op Sondag 8 November 2026 plaasgevind.

AANVAAR
Ds Ronel Coertzen het die beroep na NG Rustenburg-Suid aanvaar en is op Sondag 1 November bevestig. (Ds EJ Leach, konsulent: NGK Proteapark, 23.10.2026).

HOËVELD

BEROEP
Ek laat weet hiermee dat NG Gemeente Kempton-Kruin na ons beroepingsvergadering vir proponent Tiaan Pretorius (jeugwerker by NG Gemeente Saldanha) beroep het as leraar. (Ds Ian van Niekerk, leraar: NG Gemeente Kempton-Kruin, 02.11.2026).

OOSTELIKE

BEROEP
Graag stel ons *Kerkbode* in kennis dat die NG Gemeente Doornkloof tydens 'n beroepingsvergadering op 11 November 2026 vir proponent Johannette de Bruin beroep het na ons gemeente. (Annatjie van der Merwe, skriba: NG Gemeente Doornkloof, 13.11.2026).
Ons stel julle graag in kennis dat ds Francois Jonker van NG Gemeente Heidelberg in Gauteng na NG Lydenburg-Suid beroep is op 11 November. (Lené Nel, kerkkantoor: NG Lydenburg-Suid, 12.11.2026).
Pierre van Ryneveld Geloofsfamilie het tydens 'n beroepsvergadering van 10 November 2026 vir ds Jacques Heymans van Familiekerk NG Kameeldrif as jeugleraar beroep. (Ds Henk Janse van Rensburg, Pierre van Ryneveld Geloofsfamilie, 11.11.2026).
Die NG Gemeente Lyttelton-Noord het tydens 'n beroepsvergadering op 28 Oktober 2026 vir ds Van Wyk Fischer van NG Gemeente Silvertonkruin beroep na ons gemeente. (Susan Schwartz, kerkkantoor: Omgeekerk Lyttelton-Noord, 29.10.2026).